1·90

MATIELAND



U Eksklusiewe Kredietkaart Met Unieke Voordele

Nou is daar 'n eksklusiewe kaart vir Oud-Maties ontwikkel — 'n kredietkaart wat die band tussen u en u Alma Mater bevestig.

Die kaart bied al die voordele van 'n gewone kredietkaart en nog meer, spesiale aanbiedinge en groot pryse wat gewen kan word.

Elke keer wanneer u u Oud-Matiekaart gebruik, baat u en u Alma Mater daarby, want Volkskas Bank het onderneem om 'n deel van die inkomste wat normaalweg op so 'n kredietkaartrekening verdien sal word, aan die Universiteit te skenk.

Doen vandag nog aansoek om u Oud-Matiekaart. Vul die koepon in vir meer besonderhede. Of skakel (012) 21-3121 — en kry die kaart wat u met trots kan aanbied.

Pos hierdie koepon aan: Oud-Matiekaart, Privaatsak X87219, Houghton 2041.

Naam .....

Adres .....

.....

..... Poskode .....

Tel (W) ..... (H) .....

VOLKSKAS BANK

Volkskas Bank Beperk (Geregistreerde Bank) Reg. No. 78/03306/06

KV23C

ISSN 0025-5947

Inhoud

1:90
Jaargang 34

MATIELAND

Redaksioneel 3
Fokus op 3
US pas gedurig aan, sê Rektor 4
Seminare help dosente toerus vir hul taak 4
3 Oud-Maties word dagbladredakteurs 5
'Valke'-stigter lei Akademie 5
Fonds bereik R38,7 miljoen 6
Al meer uit testamente 7
Twee Kaapse sakelui word vir US-Raad gekies 7
Eregrade aan Brink, Du Plessis, Van der Ross, Eybers 8
61 kry doktorsgrade 10
Oudste oud-SR-leier op 92 steeds 'n skerp denker 12
Taalsimbole verander, danksy US-navorsing 14
Instituut stel nuwe tydskrif bekend 15
Skoliere maak kennis met die ingenieurswese 15
Kompetisie maak nuwe gimnasium moontlik 16
Atletiekklub presteer 16
Prys vir natuurboek 17
62 word vir kwarteeu se werk vereer 18
Groot versameling boeke aan US nagelaat 19
In memoriam 20
Elke Oud-Matie se lojaliteit is nodig 22
Reünie in Pietermaritzburg 23
Gholf-kragmeting in Natal 24
Saamtrek by Bloemfontein 24
Vier mede-studente van 1980 kry doktorsgrade oorsee 25
Dosente skryf oor leierskap 26
Nuwe handleiding vir studiesukses 26
Groep neem US-vlag tot op Sjina se Groot Muur 27
Straszacker word 80 27
MA-kursus 'n treffer 28
Students 'must make theatre of tomorrow' 28
Oudste Oud-Matie 100 29
Morris het díe ketting ook gedra 29
Herinneringe aan 1926 se Endler-uitvoering 29
Notule: Jaarvergadering van die Konvokasie 30
Konvokasie: Wie is lede? Watter magte, voorregte het 'n mens? 31
Uskor: 'n Spesiale beroep op Oud-Maties 32



Oudste SR -leier – bl. 12

Atlete presteer – bl. 16

Boekversameling – bl. 19

US -vlag in Sjina – bl. 27

Voorblad: Aandfoto van die vooraansig van die Universiteit se Konservatoriumgebou, met die hoofingang na die konsertsaalgedeelte van die gebou.
Foto: Antenie Carstens, Buro vir Universiteits- en Voortgesette Onderwys, US.

Redakteur: Hans Oosthuizen

Redaksiekantoor: Afdeling Openbare Betrekkinge, Universiteit van Stellenbosch, 7600 Stellenbosch
☎ (02231) 774633/774851
Adreslys: ☎ (02231) 774634
Faks: (02231) 774499

Matieland word drie keer per jaar uitgegee vir oud-studente en donateurs van die Universiteit van Stellenbosch.

Gedruk deur Blackshaws, Kaapstad.

"EK IS SO TROTS

Gradedag was 'n dag wat ek altyd sal onthou.

Ons het gewonder hoe ons die kinders deur universiteit gaan kry, want universiteits-opleiding is ontsettend duur. Ek het vir my man gesê: "Hier moet ons 'n plan maak." En hy het — hy's reguit na Boland Bank. . . Glo my vry — hulle

Doelwitspaarplan, verder versterk deur boedel-beplanning en versekering in te sluit, het die knoop vir ons deurgehak.
En kyk nou!!
Daarom will ek met my hele hart Boland bedank — Boland Bank.

EN VIR U DROME, U TOEKOMS, WIE GAAN U BEDANK?

BOLAND BOLAND BANK BPK.

BOLAND BANK GEREGISTREERDE ALGEMENE BANK

HEDLEY BYRNE NATIONAL 8453

Universiteite help toekoms bepaal

As daar na die groeiende getalle semi-geskooldes en ongeskooldes in die land gekyk word, blyk dit dat universiteite saam met die res van die tersiêre onderwyssektor beslis nie genoeg van die hoogs en heel hoogste geskoolde mannekrag lewer wat nodig is om van Suid-Afrika 'n land van prestasie te maak nie.

Uit navorsing deur die Universiteit se Buro vir Ekonomiese Ondersoek blyk dat, in die afgelope dekade, die verhouding tussen elke een werknemer wat in 'n uitvoerende posisie bo aan die kundigheidsleer staan teenoor die groter wordende getal hoogs geskooldes, en veral teenoor die nóg groter wordende getalle semi- en ongeskoolde werkers in die land, al hoe verder verswak het.

Soos die Rektor en Vise-kanselier met die US se amptelike opening vroeër vanjaar gewaarsku het, kan dié kommerwekkende situasie nog verder verswak in die dekade wat voorlê.

By dié geleentheid het prof. De Vries tereg gepleit vir 'n meer dinamiese onderwysstelsel, waarin onder meer deur onderwysvoorsiening gelyke geleenthede geskep kan word sodat kundigheidsvlakke drasties kan opskuif.

In aansluiting daarby, kan universiteits-en ander vorme van tersiêre onderwys ook grootliks bepaal wat die toekoms vir alle Suid-Afrikaners in hul gemeenskaplike land sal inhou. Die US moet hom vanselfsprekend ook voortdurend steeds verder instel om hiervoor sy grootste moontlike bydrae te lewer.

Maar gaan dit in die negentigerjare moontlik wees om die agterstand wat aan die opbou is, te stuit en om dit selfs weer in te haal? □

Fokus op . . .

die nuwe president en vise-president van die Konvokasie

Prof. Bun Booyens, oud-hoogleraar in Afrikaanse Kultuurgeskiedenis, eertydse redakteur van *Matieland* en 'n man wat as volkskundige, geskiedkundige, akademikus en raconteur wyd en ver bekend is, is einde verlede jaar verkies tot president van die Konvokasie in die plek van prof. Gawie Cillié wat nie weer beskikbaar was nie.

Prof. Booyens, ofte wel Oom Bun soos hy aan duisende mense bekend is, was sedert 1986 vise-president van die Konvokasie en prof. Theo Pauw, lid van die Raad van die US en internasionale gesaghebbende op die gebied van die blindewese, is in dié amp verkies.

Proff. Booyens en Pauw het albei aan die US gestudeer. Prof. Booyens het in 1944 die graad BA en in 1946 MA (geskiedenis) op Stellenbosch verwerf. Hy was eers onderwyser voordat hy in 1960 assistent van die destydse Rektor, prof. H.B. Thom, geword het.

In 1963 word hy redakteur van *Matieland* en verwerf sy doktorsgraad in geskiedenis in dieselfde jaar. In 1967 word hy die eerste hoogleraar in Afrikaanse kultuur- en volkskunde, die eerste formele studierigting van dié aard in Suid-Afrika. Hy was tot sy aftrede in 1981 hoof van dié departement en ook 17 jaar inwonende hoof van die manskoshuis Eendrag.

Prof. Booyens is inderdaad een van Stellenbosch se kleurrykste persoonlikhede. Hy het hom onderskei as akademikus en



Prof. Bun Booyens.

Prof. Theo Pauw.

is verskeie kere met paslike toekennings bekroon en vereer. Met sy vele publikasies en radiopraatjies het hy waardevolle bydraes tot die Afrikaanse kultuurskat gelewer en waar hy landswyd as spreker opgetree het — trouens, dít doen hy nou nog baie gereeld — het hy onteenseglik bewys dat hy raconteur sonder weerga is.

Soos prof. Bun Booyens die Afrikaanse taal besig, is dit fris en vars, sprankelend én boeiend, vol segskrag, pittigheid en humor. Die Konvokasie het voorwaar tans 'n voortreflike mens aan die stuur.

Prof. Pauw. het die grade BA, MA en M. Ed. (cum laude) aan die US behaal — hy was ook SR-voorsitter in 1941. In 1952 en 1953 het hy met 'n beurs van die Imperial Relations Trust nagraads in vergelykende opvoedkunde aan die Universiteit van Londen gestudeer. Hy was bykans twee dekades in die onderwys voordat hy in 1961 hoof van die Skool vir Blindes op Worcester geword het.

Twee universiteite het eredoktorsgrade aan prof. Pauw verleen: die US in 1979 en Unisa (waar hy ook ereprofessor is) vroeër vanjaar.

Prof. Pauw het in die algemene opvoedkunde 'n groot rol gespeel, o.m. as voorsitter van die SA Onderwysersunie en voorsitter van die Gesamentlike Raad van die SAOU en die SATA. Maar dit is veral op die gebied van die onderwys van die blinde dat hy nasionaal en internasionaal as een van die wêreld se gesaghebbendes erkenning geniet.

Hy is sedert 1967 lid van die uitvoerende komitee van die International Council for the Education of the Visually Handicapped (ECEVH) en sedert 1968 lid van die uitvoerende komitee van die International Council for the Education of the Deaf-blind (ICEDB).

Prof. Pauw het ook voortdurend die nood van gesigsgestremdes binnelands voor gehore van uiteenlopende aard voorgedra. Deur sy toedoen het die onderwys aan die swaksiende leerling met rasse skrede ontwikkel. Hy het inderdaad sy lewe daaraan gewy om die blinde kind te laat "sien". □

• Lees ook bll. 30-31.

US pas gedurig aan — Rektor

Vanweë die enorme taak in Suid-Afrika om kundigheid te skep en oor te dra, moet universiteite die wetenskap op hoë vlak kan dien en oordra, sonder dat hul taak deur die deurlopende terugvloei van fondse onmoontlik gemaak word, het prof. Mike de Vries, Rektor en Vise-kanselier, met die amptelike, opening van die akademiese jaar in Februarie gesê.

Hy het gemaan dat universiteite egter moet besef die land se toekomstige prestasie gaan bepaal word deur hoe hulle hul primêre taak, dié van 'n deeglike akademiese opvoeding, deurvoer — en nie deur die wyse waarop hulle hul soms met sekondêre dinge besig hou nie.

Die US is nie 'n akademiese ivoortoring waar daar met uitgediende kennis omgegaan word of wat met oogklappe afgesonder is van die omgewing waarbinne hy funksioneer nie. Dit pas gedurig aan en vernuwe sodat sy akademiese funksionering op 'n hoë vlak, vergelykbaar met wêreldwyd aanvaarde standaarde, voortgesit kan word. Die US probeer ook op die voorpunt van vakontwikkeling bly en hy neem sy omgewing en veranderde neigings deeglik in ag.

"As deel van 'n universiteit wat toekomsgerig is, moet ek as vertrekpunt aanvaar 'n omgewing, 'n Suid-Afrika, waar al sy mense 'n gemeenskaplike strewe het, gebou rondom waardes wat wydlopend aanvaar word en wat 'n vreedsame toekoms verseker."

Die skeppende energie in die Suid-Afrikaanse samelewing moet kan losbreek om met nuwe lewenskrag deur die land se ekonomiese lewe te vloei — en so help om die vrees te verdryf dat die land op die rampspoed van geweld en konfrontasie afstuur, het prof. De Vries gesê.

Westerse universiteite het teen die einde van die afgelope dekade begin aanvaar dat akademiese boikotte teen Suid-Afrika teenproduktief is. Terwyl al hoe meer deure begin oopgaan, word 'n dinamiese tydvak vir die land se akademiese gemeenskap ingelui.

Dit is ook vir die jongmense uitdagend, want dit "kan 'n toekoms inlui waar ons weer stewige bande met die internasionale gemeenskap van geleerdes sal hê en saam op die voorpunte van ontwikkeling kan wees."

Ontwikkeling en voorspoed is egter nog nie noodwendig gewaarborg nie, het prof. De Vries gewaarsku. "Aanvaarding in die wêreld en die invloei van buitelandse geld en beleggings wat so nodig is vir ons land se ontwikkeling, gaan afhang van ons prestasie."

Hy het daarop gewys dat die tersiêre onderwyssektor nie die mannekrag lewer wat vir die land se prestasie nodig is nie. Uit navorsing deur die US se Buro vir Ekonomiese Ondersoek blyk dat, gedurende 1979-'89, die verhouding tussen elke een werknemer in 'n uitvoerende posisie aan die bopunt van die kundigheidsleer teenoor hoogs geskooldes van 5 tot 5,7, teenoor semigeskooldes van 19 tot 21,1 en teenoor ongeskooldes van 28 tot 31,7 verswak het.

As daar "geen opwaartse mobiliteit is nie en die bevolkingsgroei bly op die vlak wat dit tans is, "kan dié situasie teen 2000 tot 1:8:59:129 verswak.

Suid-Afrikaners se prestasie is direk aan opleidingsvlakke gekoppel en die jare tagtig se agteruitgang mag nie voortgesit word nie. Onderwys en opleiding moet dus meer aandag kry, ongelykhede moet uitgeskakel word en deur onderwysvoorsiening moet gelyke geleenthede geskep word sodat kundigheidsvlakke drasties kan opskuif, het hy gesê.

"Universiteitsopleiding en so ook ander vorme van tersiêre opleiding, tesame met 'n dinamiese onderwysstelsel, gaan grootliks ons gemeenskaplike toekoms in ons land bepaal. Die US sal en wil sy bydrae lewer en die US verwag van elkeen van sy studente om ook met geesdrif hierin deel te wees." □

Seminare help dosente toerus vir hul taak

Die tiende jaarlikse opleidingseminare vir nuwe US-dosente is vroeg vanjaar gehou. Dit word voor die begin van elke akademiese jaar deur die Buro vir Universiteits- en Voortgesette Onderwys (Buvo) wat op die hoofkampus gesetel is, in samewerking met die Buro vir geneeskundige en Tandheelkundige Onderwys (BGTO) van die Tygerberg-kampus aangebied.

Altesaam 42 dosente – verdeel in twee groepe – wat in die afgelope jaar by die Universiteit begin werk het, het vanjaar se seminare bygewoon. Hulle het die Stellenbosch- en Tygerberg-kampus asook Fakulteit Krygskunde op Saldanha verteenwoordig.

Prof. Chris Kapp, Buvo se direkteur, en die BGTO-direkteur, prof. Cas Terblanche, het as seminaarleiers opgetree en is deur personeellede van die twee buro's bygestaan. Soos verlede jaar, is die seminare weer by die US se nuwe seminaarsentrum 16 km buite Stellenbosch aangebied. Die seminaargangers en -aanbieders het vir die vyf dae wat dit geduur het daar tuisgegaan.

Dit is hoogs interaktiewe werkseminare. Onderwerpe soos kurrikulumontwerp, die keuse van onderrig en evalueringsmetodes, onderwysmedia en rekenaargesteunde onderrig word gehanteer.

Proff. Serf Kritzinger, direkteur van Navorsingsadministrasie, Kobus Meij, direkteur van Informasietegnologie, Hennie Viljoen, direkteur van Biblioteekdienste, en P.W. van der Walt, voorsitter van die Dosentevereniging, asook mnr. Tex de Swardt, assistent-direkteur van Studentesake, het inligting oor hul onderskeie afdelings aan die nuwe dosente verskaf.

Elke groep is ook deur prof. Mike de Vries, Rektor en Vise-kanselier, of prof. Hennie Rossouw, Vise-rektor (Akademies), verwelkom.

Van elke dosent wat gedurende die vorige jaar by die US begin werk het, word verwag om so 'n seminaar by te woon. "Hulle is vakspesialiste, dikwels met baie min vorige ervaring van doseerwerk aan 'n universiteit. So 'n seminaar is dus ontwerp om dié dosente ten opsigte van die Universiteit, sy studente en die dienste wat vir dosente beskikbaar is, te oriënteer, en om die basiese aspekte van doseerwerk op 'n aangename manier aan hulle oor te dra," sê prof. Kapp.

Buvo se onderrig-ontwikkelingsprogram vir dosente sluit ook – slegs in die eerste semester vanjaar – 'n 14-tal dag- en werkseminare in, oor onderwerpe soos hoe om groot klasse beter te hanteer; hoe om studente aktief by die leerproses betrokke te kry; hoe om tutoriale, werkseminare en besprekingsklasse te verbeter; die behoeftes, hantering en begeleiding van M- en D-studente; om kritiese denke te stimuleer; studenteterugvoer; die ontwerp van multimedia-leerpakette; en tegnieke in die produksie van videoprogramme vir onderrig en leer.

Een van die dagseminare, oor "Student development," word deur 'n Amerikaner, prof. Albert Smith van die Universiteit van Noord-Texas, aangebied. 'n Dagseminaar wat vroeg in Maart aangebied is, het gehandel oor die ontwikkeling van die potensiaal of talent in 'n klas — in die lig daarvan dat 77% van 1989 se Matieeerstejaars minstens A-, B- of C-kandidate in die skooleindeksamen was. □

Richard Steyn.

Ebbe Dommisse.

David Willers.

3 Oud-Maties word dagbladredakteurs

TWEE OUD-MATIES beklee sedert die begin van die jaar hoë poste by van die vernaamste dagblaaie in die land. Mnr. Richard Steyn het die hoofredakteur geword van die Johannesburgse koerant The Star — die Suid-Afrikaanse dagblad met die hoogste sirkulasie. En in Kaapstad het mnr. Ebbe Dommisse redakteur geword van een van die grootste Afrikaanse koerante, Die Burger.

Nog 'n Oud-Matie, mnr. David Willers, direkteur van die SA Stigting-kantoor in Londen, keer binnekort terug Suid-Afrika toe om mnr. Steyn in Pietermaritzburg as redakteur van die onafhanklike dagblad die Natal Witness op te volg.

Richard S. Steyn is 'n boorling van Kaapstad. Hy het sy skoolopleiding aan die Rondebosch Boys' High School voltooi. Op Stellenbosch het hy in die regsgeleerdheid gestudeer en BA in 1964 asook LL.B. in 1966 behaal.

Nadat hy gedurende 1967-'68 as personeelbeampte by die Stellenbosch-Boerewynmakery gewerk het, praktiseer hy tot 1972 as prokureur in Durban. Hy vertrek daarna Brittanje toe waar hy tot 1974 aan 'n prokureursfirma verbonde was.

Terug in Suid-Afrika word hy redakteur van The Natal Witness in Pietermaritzburg, en beklee dié pos totdat hy onlangs by The Star aangestel is.

Mnr. Steyn het in 1985 met 'n Niemanbeurs aan die Universiteit Harvard in Amerika gestudeer. Hy is 'n lid van die International Press Institute se uitvoerende raad, asook 'n raadslid van die SA Instituut vir Internasionale Aangeleenthede. Verder dien hy in die Mediaraad en in die Michaelhouse-skoolraad.

Ook op die sportveld het hy uitgeblink deur krieket vir die WP en SA Universiteite te speel, asook rugby vir twee universiteite, Stellenbosch en Natal.

Ebbe Dommisse is op Riversdal gebore, het in die Karoo grootgeword en behaal matriek met drie onderskeidings aan die Paarlse Hoër Jongenskool. Aan die US verwerf hy BA, speel in die eerste tennisspan en verkry volkleure in dié sport.

Vroeg in 1961 is hy as Burger-redaksielid aangestel. Later word hy die koerant se parlementêre verslaggewer, hoofsubredakteur en nuusredakteur. Hy is in 1966 Amerika toe waar hy in New York aan die Columbia-universiteit se Nagraadse Skool vir Joernalistiek 'n meerstersgraad verwerf het.

In 1974 is hy na Johannesburg verplaas as assistent-redakteur en politieke kommentator van die pas gestigte dagblad Beeld. Hy is in 1979 na Kaapstad teruggverplaas en is in 1984 as assistent-redakteur van Die Burger aangestel.

Mnr. Dommisse het die Verre Ooste in 1987 met 'n Nieman-reisbeurs besoek. Hy is 'n assessorlid van die SA Akademie, en is saam met Alf Ries die medeskrywer van twee politieke werke, *Broedertwis* (1982) en *Leierstryd* (1990).

Sy vrou, Dalene (Laubscher), is ook 'n Oud-Matie, wat BA en B.Ed. op Stellenbosch behaal het. Hul drie kinders, 'n dogter en twee seuns, is al drie nou Maties.

David Willers het aan die Pretoria Boys' High School gematrikuleer. Nadat hy in 1970 BA aan die US behaal het, studeer hy ook aan die Universiteit van Pretoria.

Hy het daarna by die Departement Buitelandse Sake aangesluit, wat hom eers Italië en toe Angola toe gestuur het. Met die uitbreek van die Angolese burgeroorlog was hy tweede in beheer van die Suid-Afrikaanse gesantskap in Luanda. Saam met sy vrou moes hy dadelik daar padgee, en tydens hul vlug Suid-Afrika toe het hul onder meer gesien hoe Lobito gebombardeer word.

Sy besluit om joernalis te word, laat hom in 1976 by die redaksie van die Cape Times aansluit. Hy dek twee parlementsittings vir die blad voordat hy by die SA Instituut vir Internasionale Aangeleenthede aangestel word.

In 1981 het hy by die SA Stigting aangesluit. Aanvanklik redigeer hy die stigting se maandblad tot hy in 1984 as direkteur van die Londense kantoor aangestel is. □

'Valke'-stigter lei Akademie

BRIG. F.E. (FRED) DU TOIT, 'n Oud-Matie wat in 1963 B.Mil. verwerf het, is sedert die begin van die jaar aangestel as bevelvoerder van die Militêre Akademie op Saldanha, waar die Fakulteit Krygskunde gesetel is.

As boorling van Kaapstad wat in Durbanville gematrikuleer het, het brig. Du Toit in 1960 by die Lugmag aangesluit en in dieselfde jaar sy lugmagvleuels ontvang. Hy studeer hierna aan die Fakulteit Krygskunde en verwerf sy graad met lugvaartkunde en militêre geografie as hoofvakke.

Gedurende 1964-'69 was hy 'n vlieginstrukteur, eers by Sentrale Vliegskool op Dunnottar waar hy Harvards gevlieg het, en daarna by die Langebaanweglugmagbasis wat toe pas met Impala-opleidingsvliegtuie toegerus is. As vlieginstrukteur op Langebaanweg was hy 'n stigterslid van die bekende Silwer Valke-kunsvlugspan waarin hy gedurende 1967-'69 gevlieg het.

In Julie 1969 is hy na die Lugmagbasis Pietersburg verplaas waar hy 'n Sabrevlieënier by 1 Eskader was. Gedurende 1970 is hy verplaas na 2 Eskader by die Lugmagbasis Waterkloof, Pretoria, wat met Mirage III-vegvliegtuie toegerus was.

Nadat brig. Du Toit in 1975 bevelvoerder van die Lugmagstasie Durban geword het, is hy in 1976 Waterkloof toe teruggverplaas as bevelvoerder van 3 Eskader, toegerus met Mirage FICZ-vegvliegtuie.

Gedurende 1980-'82 dien hy as senior stafoffisier vir aanvalsvliegtuie by die Lugmaghoofkwartier in Pretoria, waarna hy as SA lugattaché in Washington DC aangestel word. Teen Junie 1985 voltooi hy sy dienstydperk in die buiteland en word as bevelvoerder van die Langebaanweg-basis aangestel.

In 1985 het hy die Weermag se gesamentlike stafkursus voltooi, nadat hy in 1977 reeds die Leër-stafdienskursus voltooi het.

Vroeg in 1987 is hy tot brigadier bevorder en by die Lugmaghoofkwartier as direkteur van magsvoorbereiding aangestel — 'n pos wat hy tot aan die einde van verlede jaar beklee het. □

Fonds bereik R38,7 miljoen

Die US-fondsinsamelingsaksie Stellenbosch 2000 het verlede jaar weer eens 'n nuwe rekordjaar – die mees geslaagde sedert sy ontstaan in 1980 – beleef. Aan die einde van 1989 het die fonds op R38 779 772 aan kontant en beloftes gestaan, wat 21,4% meer as 'n jaar tevore is.

Dit blyk uit die 1989-vorderingsverslag van Stellenbosch 2000 en die US se ander belangrikste fonds, die Eeufeestrustfonds, wat onlangs aan die Raad van Trustees voorgelê is. Die verslag is saamgestel deur mnr. Sunley Uys, wat sedert begin vanjaar direkteur van die US Stigting is.

Die US Stigting het aan die begin van die jaar ontstaan uit die Departement Ontwikkeling en Skakeling, wat in twee verdeel is (die ander deel is die afdeling Openbare Betrekkinge).

In die verslag verwys mnr. Uys daarna dat 1989 vir dié voormalige departement van historiese belang was omdat mnr. Piet Lombard aan die einde van die jaar ná 36 jaar as departementshoof afgetree het. "Groot lof en krediet kom mnr. Lombard toe vir die bekwame wyse waarop hy hierdie departement opgebou en bestuur het oor soveel jare."

Volgens die verslag is meer as R6,2 miljoen in kontant verlede jaar vir Stellenbosch 2000 ingesamel. Dit is 'n groei van 22,8% teenoor die vorige jaar se kontantinsameling.

Van die kontant wat verlede jaar ingesamel is, was meer as R4,89 miljoen (79% van die kontant) afkomstig van maatskappye. Die ander 21% (sowat R1,3 miljoen) is deur individue aan die Universiteit geskenk. Hulle sluit Oud-Maties, US-personeel, die ouers van studente en ander lede van die publiek in.

Mnr. Uys.



Daarby het die Universiteit verlede jaar R756 924 uit erflatings ontvang, die grootste deel daarvan vir Stellenbosch 2000 en die res vir die Eeufeestrustfonds. Sedert 1980 word slegs ongebonde erflatings en nalatenskappe spesifiek aan die Eeufeestrustfonds in dié fonds gestort.

Stellenbosch 2000 is teen die middel van 1980 deur die Rektor en Vise-kanselier, prof. Mike de Vries, aangekondig. Die mikpunt daarvan was aanvanklik R20 miljoen teen 1990. In 1985 is dit opgeskuif na R30 miljoen, met R10 miljoen daarvan as 'n kontantreserwe. Vroeg verlede jaar is die mikpunt na R100 miljoen teen die jaar 2000 opgeskuif, met 'n derde van die nuwe mikpunt as 'n kontantreserwe.

Die doel met Stellenbosch 2000, soos prof. De Vries dit aanvanklik aangekondig het, is om die US in staat te stel om sy bydrae tot die voorsiening van die land se behoeftes aan hoogs opgeleide werkskeppers en leiers teen 2000 te lewer, veral deur navorsing en nagraadse opleiding aan die Universiteit te stimuleer.

Mnr. Uys meld in die verslag dat 'n aantal negatiewe faktore in 1989 'n merkbare invloed op fondswerwing aan die Universiteit uitgeoefen het. Dit sluit onder meer in die ongunstige beriggewing oor sekere studente-aangeleenthede asook die arbeidsonrus op die kampus; onsekerheid oor Namibië se politieke toekoms asook die woelinge rondom die algemene verkiesing in Suid-Afrika; salarisaanpassings van sekere sektore wat nie met die hoë inflasiekoers tred hou nie; stygende rentekoerse op huisverbande en lenings asook die negatiewe effek daarvan op veral die individu se sogenaamde diskresionêre rand; die relatief lae gemiddelde goudprys vir die jaar en die invloed daarvan op die algemene ekonomie; die feit dat al hoe meer mededingers tot die fondswerwingsveld toetree; en dat die wynbedryf in Wes-Kaapland – tradisioneel een van die grootste US-donateursbronne – met groot produksie-oorskotte, wynprysdalings en winsgrensvernouings worstel.

Privaatsektor

Faktore wat volgens die verslag 'n gunstige invloed op fondswerwing uitgeoefen het, is dat maatskappye se winssyfers oor die algemeen merkbaar verbeter het; dat die privaatsektor toenemend besef dat hy 'n belangrike rol in die opleiding van hoëvlakmannekrag te speel het en dit in vennootskap met hoër opvoedkundige inrigtings moet doen; dat die nuwe Staatspresident se bestuurstyl die hoop laat opvlam dat 'n onderhandelde politieke skikking in die land moontlik is; en dat redelik gunstige weertoestande oor die algemeen op landbougebied ondervind is. □

Al meer uit testamente

Testamentêre bemakings is deesdae een van die belangrikste inkomstebronne vir universiteite in Suid-Afrika en veral vir die Universiteit van Stellenbosch.

In 1989 het die US R756 924 in kontant uit boedels ontvang, wat onder meer die volgende insluit:

- Meer as R62 000 en 'n aantal aandele uit die boedel van wyle mnr. J.I. de Villiers van Laingsburg;
- Meer as R130 000 uit die boedel van wyle mej. H.I. le Roux van Stellenbosch, wat tot haar dood senior kuratrise van die US se anatomie-museum was;
- R50 000 uit die boedel van wyle mnr. G.O. Neser van die Paarl;
- Meer as R121 000 uit die boedel van wyle mnr. D.R. Hendrikz van Kaapstad;
- R100 000 uit die boedel van wyle dr. D.R. Meiring van Stellenbosch.

Benewens dié groter kontantbemakings is 'n hele aantal kleiner bedrae, kunswerke, waardevolle boeke, dokumente en ander kultuurbates ook met dank ontvang.

Mej. Linda le Roux wat meer as R130 000 aan die Universiteit nagelaat het.

Dit raak vir die individu al moeiliker om kontantskenkings aan die US te maak. Dit is makliker vir hom of haar om 'n bedrag geld of aandele of 'n polis wat aan die Universiteit gesedeer is, of vaste eiendom, kunswerke, versamelings en boekerye of enige ander realiseerbare bates aan die US in 'n testament na te laat.

Daar is geen minimumbedrag aan so 'n erflating gekoppel nie en 'n testamentêre bemaking aan die US is geheel en al van boedelbelasting vrygestel.

Indien u meer oor testamentêre bemakings wil weet of die Universiteit in u testament wil begunstig, tree asseblief met mnr. Philip de Witt by die US Stigting (☎ 02231-774638) in verbinding. □

Mnr. Wiese.

Mnr. Van Niekerk.

2 Kaapse sakelui word vir US-Raad gekies

TWEE KAAPSTADSE Oud-Maties wat albei in die sestigerjare op Stellenbosch gestudeer het en nou bekendes in die sakewêreld is, dien sedert die begin van April in die Universiteitsraad. Hulle is mnre. Christo Wiese, uitvoerende voorsitter van Pepkor, en Gerhard van Niekerk, hoof-bedryfsbestuurder van die Ou Mutual.

Mnr. Wiese is deur die Konvokasie gekies in die plek van mnr. Jan Pickard wat hom met die verstryking van sy termyn nie herkiesbaar gestel het nie. Die US-donateurs het mnr. Van Niekerk benoem in die plek van mnr. Pepler Scholtz wat ook nie herkiesbaar was nie.

Die nuwe raadslede se termyn strek tot 1 April 1994. Vir dieselfde termyn is prof. Andries Brink en mnr. Ritzema de la Bat, wie se termyn ook nou verstryk het, albei tot konvokasielede herkies. Prof. Brink is afgetrede dekaan van Geneeskunde aan die US asook gewese president van die Mediese Navorsingsraad. Mnr. De la Bat is uitvoerende hoofbestuurder van die KWV.

Mnr. Wiese het BA asook LL.B (1967) aan die US behaal. Hy het ook aan die Universiteit van Kaapstad gestudeer. Sy vrou, Caro (Basson), is ook 'n Oud-Matie. Hulle het twee dogters en 'n seun.

In 1967 is mnr. Wiese as Pep Stores se uitvoerende direkteur aangestel. Sewe jaar later verlaat hy Pep om as advokaat aan die Kaapse Balie te praktiseer, waar hy in 1977-'78 ook 'n lid van die Balieraad was.

Sedert 1981 is hy Pepkor (beheermaatskappy van Pep Stores en Shoprite) se uitvoerende voorsitter. Hy is ook Pepgro, die Pepkor-houermaatskappy, se voorsitter. Verder dien hy onder meer in die direksies van die NOK, Boland Bank en Metropolitan Lewens, en is ook 'n lid van die Staatspresident se Ekonomiese Adviesraad. In 1988 is hy as een van Suid-Afrika se top-sakemanne van die jaar benoem.

Klasgegee

Mnr. Van Niekerk het B. Comm. (1966) en 'n honneursgraad in ekonomie (vroeg in 1968) aan die US behaal. Nadat hy ook aan die Departement Ekonomie klasgegee het, studeer hy met 'n Rotariërbeurs in Amerika, waar hy in 1969 MA in ekonomie aan die Northwestern-universiteit verwerf. In 1972 het hy ook 'n honneursgraad aan die US-Bestuurskool in Bellville behaal.

Sedert 1969 is hy sy hele loopbaan nog aan Ou Mutual verbonde. Hy het in 1984 hoofbestuurder geword en is sedert die begin van Maart vanjaar die hoof-bedryfsbestuurder.

Mnr. Van Niekerk se vrou, Diana (Taute), is ook 'n Oud-Matie. Sy het BA in maatskaplike werk op Stellenbosch verwerf. Hulle het drie dogters en twee seuns.

- Nog drie lede van die Universiteitsraad is onlangs vir 'n verdere termyn van vier jaar herbenoem. Hulle is mnre. Marius de Waal en Gys Steyn, wat albei deur die Staatspresident herbenoem is, asook mnr. Phillip Els wat deur die Stellenbosse munisipaliteit herbenoem is. Die Raad het altesaam 20 lede. □

Het u al daaraan gedink om die Universiteit van Stellenbosch in u testament te bevoordeel?

Tree in verbinding met PHILIP DE WITT ☎ 02231-774638

Eregrade aan Brink, Du Plessis Van der Ross, Eybers

IN DESEMBER het die Universiteit eredoktorsgrade verleen aan twee afgetrede dosente, prof. Andries Brink, voormalige dekaan van geneeskunde, en die komponis Hubert du Plessis, voorheen van die Konservatorium, asook prof. Richard van der Ross, afgetrede rektor van die Universiteit van Wes-Kaapland. In Maart is 'n eredoktoraat aan die digteres Elizabeth Eybers toegeken.

PROF. BRINK se bydrae tot die SA geneeskunde strek wyd. Hy het 'n opmerklike invloed op feitlik elke gebied van die mediese navorsing en onderwys asook kliniese geneeskunde gehad. Wat die Afrikaanse geneeskundige vaktaal betref, is hy 'n uitnemende leier. Doelgerigte skeppingswerk oor 'n breë front, waarvoor Suid-Afrika internasionaal bekend geword het, kenmerk sy loopbaan.

Dit is egter veral sy lewenslange toewyding aan mediese navorsing wat 'n al belangriker rol in die verbetering van gesondheidsdienste en akademiese geneeskunde in die land gespeel het.

Hy is gebore in 1923, behaal in 1946 M.B.Ch.B. met lof en wen verskeie pryse aan Wits, verwerf M.D. aan die UP, studeer in Londen waar hy lidmaatskap van die Royal College of Physicians verkry, en gaan dan vir 'n jaar as navorsingsgenoot in pediatrie na die Johns Hopkins-hospitaal in die VSA.

Terug in Suid-Afrika, word hy senior lektor en senior spesialis aan die UP en neem deel aan die stigting van 'n WNNR-hartnavorsingseenheid. Sy navorsing op kongenitale hartsiektes en die kroonaar-anatomie van swartmense was internasionaal belangrik en het SA navorsing op 'n belangrike maar verwaarloosde gebied gestimuleer om mettertyd 'n glanspunt van die land se navorsingsbydrae te word.

Woordeboek

In 1956 word hy in die US se pas gestigte geneeskunde-fakulteit aangestel as die eerste professor in die Departement Interne Geneeskunde – wat onder sy leiding een van die voorstes in die land geword het. Onder sy voorsitterskap ontstaan 'n taalkomitee wat deur 'n taalrubriek in die SA Tydskrif vir Geneeskunde 'n vaktaaltrots kon skep en ná 20 jaar die eerste Afrikaanse verklarende geneeskunde-woordeboek die lig laat sien.

Vanaf 1953 was hy lid en later voorsitter van die WNNR-Komitee vir Navorsing in Mediese Wetenskappe – voorloper van die MNR, waarvan prof. Brink in 1969 deeltyds as eerste president aangestel is. Merkwaardig is dat hy dié pos vanaf 1972 saam met dié van voltydse US-dekaan beklee het. Dit het met die voltooing van die nuwe Tygerberg-hospitaal en geneeskunde-fakulteitsgeboue saamgeval, waartoe hy as lid van albei se onderskeie beplanningskomitees grootliks bygedra het.

Tydens sy dekaanskap is rigtinggewende, vernuwende strukture in die fakulteit geskep, soos die eerste Departement Geneeskundige Didaktiek, voorloper van die toonaangewende Buro vir Geneeskunde- en Tandheelkunde-onderwys. Die fakulteit het onder sy leiding vanaf 1970 met 'n hulpdiens aan Owambo en vanaf 1973 met 'n spesialisdiens aan die Windhoek-hospitaal begin, wat steeds raadgewend bedryf word.

Op kliniese gebied beskryf prof. Brink in 1978 'n nuwe hartsindroom wat met die Mediese Vereniging se gedenkmedalje bekroon is.

Ná sy uittrede as dekaan in 1983, beklee hy die MNR-presidentskap voltyds tot 1988.

Die eerste MNR-sentrum — gesetel aan die US — is 'n voortsetting van die molekulêre kardiologie-eenheid waarvan prof. Brink tot 1969 direkteur was.

Elizabeth Eybers, aan wie die graad D. Litt., h.c., in Maart, kort ná haar 75ste verjaardag, toegeken is. Sy woon in Nederland en kon vanweë swak gesondheid nie die plegtigheid waarop die graad aan haar verleen is, bywoon nie.

Hy dien as WNNR-raadslid (1970-'82), lid van die Eerste Minister se Wetenskaplike Adviesraad, lid van die SA Geneeskundige en Tandheelkundige Raad (en ook voorsitter van verskeie van sy komitees), lid van die navorsingsadvieskomitee van die Kerninstituut van die Suidelike Universiteite, lid van die US en UWK se rade en lid van die P.U. vir C.H.O. se raad van beskermhere.

Toekennings aan hom sluit in eredoktorsgrade van die Universiteit van Natal (1976) en P.U. vir C.H.O. (1985), Recht Malan-toekenning vir die Woordeboek van Afrikaanse Geneeskundige Terme (1980), silwermedalje vir navorsing van die Mediese Vereniging van SA (1981), silwer jubileum-toekenning van die Kollege van Geneeskunde van SA (1981), Dekorasie vir Voortreflike Diens (1981) en SA Akademie se M.T. Steynmedalje (1988).

Met dié eredoktorsgraad "betoon die Universiteit Stellenbosch op gepaste wyse erkenning vir 'n hoogleraar wat in sy dienstermyn van 28 jaar en daarna waarskynlik meer as enige ander enkeling tot die akademiese geneeskunde in Suid-Afrika bygedra het."

DR. DU PLESSIS is in 1922 gebore, verwerf in 1942 BA (musiek en Engels) aan die US en ontvang ook private komposisie-onderrig van prof. William Bell, vroeëre hoof van die SA Musiekkollege, Kaapstad.

Deur Bell se bemiddeling word Du Plessis in 1944 aan die Rhodes-universiteitskollege, Grahamstad, aangestel, waar prof. Friedrich Hartmann 'n belangrike, vormende invloed op sy ontwikkeling speel. In 1945 verwerf hy B.Mus. (Unisa). Hy raak ook as komponis en pianis gevestig. In dié tyd ontstaan o.a. 'n drietal vroeë liedersiklusse vir stem en klavier, die groot siklus *Vreemde liefde* (op tekste van I.D. du Plessis, 1951) en *Vier klavierstukke* opus 1 (in 1961 in 'n hersiene weergawe gepubliseer).

Hy ontvang 'n beurs en studeer gedurende 1952-'54 aan die Royal Academy of Music, Londen, waar hy in komposisie spesialiseer en daarvoor etlike pryse en toekennings ontvang. Belangrike werke uit dié tyd is sy *Klaviersonate* nr. 1, sy indrukwekkende *Strykkwartet*, asook *Five Invocations* vir tenoor en klavier.

Ná drie belangrike vormingsjare word hy in 1955 'n dosent aan die SA Musiekkollege. Vanaf 1956 doseer hy ook deeltyds aan die US-Konservatorium, waar hy in 1958 as lektor aangestel word, in 1964 senior lektor word en in 1982 aftree.

Hy beleef vanaf 1955 vrugbare jare as komponis, dosent en musiekwetenskaplike, asook veelsydige pianis en klavesimbelspeler. As komponis het hy, behalwe vir opera en orrelwerke, alle groter en kleiner vorme en media aangedurf – waarvan die byna 80 liedere

vir stem en klavier en sowat 50 individuele klavierwerke die mees verteenwoordigende is.

Uitstaande onder sy liedersiklusse is veral *Vier slampamperliedjies* op tekste van Leipoldt, *Die vrou* op tekste van Eybers en andere, *Tien Boerneef-toonsettings, Drie kabaretliedere* op tekste van Hennie Aucamp en *Drei komische Lieder* op tekste van Christian Morgenstern. Onder die belangrikste klavierwerke uit dié tyd tel *Sewe preludes,* opus 18, die klaviersuite *Toe ek 'n kind was, opus 33, en die Klaviersonate nr. 2 van 1975.*

Sy vaardigheid en insig in musikale skeppingskuns word verder by uitstek geïllustreer deur werke van groter omvang soos die *Simfonie* (1953), *Slamse beelde* (vir soliste, koor en orkes, 1959, *Die dans van die reën* (vir sopraan, koor en orkes, 1960) en Suid-Afrika – Nag en daeraad (ook vir sopraan, koor en orkes, in opdrag vir die Republiekfees, 1966). Die SAUK gebruik sedert 1960 Du Plessis se treffende orkestrasie van die Volkslied as enigste amptelike weergawe.

Ook sy kamermusiekwerke soos *Trio vir klavier, viool en tjello,* asook stukke vir dwarsfluit met klavier– of klavesimbelbegeleiding verdien vermelding. Vir onbegeleide koor het hy verskeie werke geskryf, o.a. *En Boplaas sing koortaal,* op Boerneef-tekste. Hy het die Afrikaanse kerkmusiek verryk deur vir die nuwe Afrikaanse Gesangboek twee oorspronklike melodieë (Gesange 35 en 334) te komponeer.

Bewondering

Naas sy uiters geslaagde doseerwerk in musiekgeskiedenis, harmonie en kontrapunt, komposisie en orkestrasie, vind ook sy literêre aanleg uiting in sy boek oor J.S. Bach (1960), *Dagboek van Die Dans van die Reën* (1970) en *Letters from William Henry Bell* (1973) waarin sy bewondering vir sy eertydse leermeester geboekstaaf is.

Hy het deur radiopraatjies, demonstrasielesings, asook konsertoptredes en -uitsendings gehelp om "ernstige musiek" onder sy volksgenote te vestig en 'n waardering daarvoor aan te kweek. Die SA Akademie het hom in 1963 met 'n goue penning bekroon. Baie van sy werke het gespruit uit opdragte van die SAUK e.a. instansies. Etlike werke is gepubliseer – sommige in die buiteland. 'n Aantal van sy werke is op plaat uitgereik.

Die motivering vir die verlening van die eregraad aan dr. Du Plessis lui o.m.: "Die kultuurhistoriese betekenis van Hubert du Plessis in die Suid-Afrikaanse musieklewe kan nouliks onderskat word. As komponis, dosent, uitvoerende kunstenaar en outeur het hy oor 'n tydperk van meer as 40 jaar 'n onuitwisbare stempel op dié terrein gelaat." Hy word veral gehuldig "vir die groot kunswerke waarmee hy as komponis die Suid-Afrikaanse musiekkultuur so onskatbaar verryk het."

PROF. VAN DER ROSS is in 1921 gebore, met ouers wat albei prominente opvoedkundiges en gemeenskapsleiers was. Hy behaal BA (1943) en MA in filosofie (1944) aan Unisa asook B.Ed. met lof (1945) en Ph.D. (1952) aan die UK. Dié universiteite ken onderskeidelik in 1973 en 1979 elk 'n eregraad aan hom toe.

Hy dien die onderwys en opvoeding in verskillende hoedanighede, o.m. as hoof van 'n hoër skool en van die Battswood-onderwyserskollege, as onderwysbeplanner en -inspekteur, sekretaris van die SA Federation of Teachers' Associations, hoofsekretaris en president van die Teachers' Educational and Professional Association, hoof van die Early Learning Centre en voorsitter van die gemeenskapsprojek Build a Better Society.

Gedurende 1973-'76 dien hy in die Theron-ondersoekkommissie rakende die Kleurlinge, as sameroeper van die Onderwyswerkgroep en by die formulering van veral dié aanbevelings wat sedertien as riglyne vir 'n nuwe sosio-politieke bedeling gedien het. Hy dien ook in die RGN-ondersoekkommissie na die onderwys (De Lange-kommissie).

Op kultuurgebied was hy 'n lid van Kruik, die English Academy of SA en die Eoan Group Trust asook die Administrasie vir Kleurlingsake se raad vir kultuur en ontspanning. Hy dien steeds in die Mediaraad asook RGN-beheerraad en Drie Eeue-stigting.

As stigter van die Arbeidersparty het hy 'n sleutelrol in die bruinmense se lang stryd vir volwaardige burgerskap gespeel. Hy het hom as meningsvormer gedurig vir begrip tussen wit en bruin beywer toe geglo is dat skeiding die enigste hoop op vreedsame naasbestaan bied. As Cape Herald-redakteur en gereelde Rapport-rubriekskrywer het hy 'n klimaat vir 'n nuwe sosio-politieke bedeling help skep.

Naas sy onderwysampte het hy ook gedien as trustee van die SA Leadership Trust en SA Stigting, asook in die Ussalep-komitee, in die Afrika-instituut se raad en as vise-president van die SA Instituut vir Rasseverhoudinge.

Ook vanuit die buiteland is hy as akademikus en gemeenskapsleier erken, soos blyk uit 'n Carnegie-studietoekenning na die VSA, asook reistoekennings en uitnodigings van die Britse en Amerikaanse regerings, Bernard van Leer-stigting in Den Haag, British Council, Duitse Akademiese Uitruildiens, Nederlands-Zuid-Afrikaanse Vereniging en Ussalep.

As skrywer lewer hy op verskeie terreine 'n bydrae – van skoolhandboeke tot honderde tydskrif- en nuusbladartikels.

Vir dertig jaar het hy as medeskrywer 'n aandeel gehad in 'n 14-tal publikasies, veral oor aspekte van die sosio-politieke lewe in Suid-Afrika, met titels soos *Africa in transition* (1958), Looking at the Afrikaner today (1975), *The meaning of history (1980),* Zicht op Zuid-Afrika (1981), *Political alternatives for Southern Africa* (1982), *The changing world of education (1983) en* Op die skaal (1984).

Met die perspektief van jare se persoonlike belewenis en rypheid van insig, het Van der Ross in die jare tagtig verskeie publikasies oor "sy mense" en die geskiedenis rondom wit-bruin-verhoudinge die lig laat sien, t.w. *Myths and attitudes: An inside look at the Coloured people* (1980) en *Coloured viewpoint* (1985). 'n Omvangryke historiografiese werk, *The rise and decline of apartheid: A study of political movements among the Coloured people*

→

Die Kanselier, dr. Jan van der Horst, links, en die Rektor en Vise-Kanselier, prof. Mike de Vries, regs, saam met proff. Brink en Van der Ross asook dr. Du Plessis nadat eredoktorsgrade in Desember aan dié drie gevierde Suid-Afrikaners verleen is.

of South Africa (1980-1985) (1986) kan as sy magnum opus beskou word. Dié studie getuig van sy geloof in versoening en onderhandeling.

Sy rektorskap van die Universiteit Wes-Kaapland (1975-'86) was die kroon op sy opvoedkunde-loopbaan. Met sy menslikheid en empatiese bestuurstyl lei hy die UWK deur stormagtige jare – en sien dit groei tot 'n inrigting wat voluit deur sy voedingsgemeenskap aanvaar word én steeds 'n sleutelrol in die veranderende Suid-Afrikaanse samelewing speel.

Toe dit baie nodig was, het hy as leier en skrywer wat op baie vlakke beweeg, 'n groot bydrae gelewer om aan die blanke publiek 'n beter begrip van die bruinmense se "leef- en denkwêreld" te gee. Ekstremiste het hom misken en verwerp omdat hy dikwels 'n bemiddelaar en tussenganger was, op 'n mespunt moes beweeg en nie in polarisasie glo nie.

Met die eredoktoraat aan prof. Van der Ross het die Universiteit "erkenning verleen aan 'n opvoedkundige, 'n gemeenskapsleier en 'n skrywer wie se hoogste doel steeds die bevordering van gesonde bevolkingsverhoudinge is."

DR. EYBERS (gebore 1915) behaal BA-honneurs (Afrikaans-Nederlands) aan Wits, werk dan 'n kort tyd as joernalis, trou met bekende sakeman Albert Wessels en woon in Johannesburg tot 1961 toe sy haar in Amsterdam, Nederland, vestig.

Sy is die enigste oorlewende van die Dertiger-digters – die geslag wat die Afrikaanse poësie so wesenlik vernuwe en die peil daarvan so hoog opgestoot het dat hulle vir dié taal se sterkste digters plek gemaak het in die geledere van die beroemdes van alle Westerse tale. Ook Eybers het 'n plek onder dié beroemdes.

Dit is 'n ongeëwenaarde prestasie in Afrikaans dat sy reeds in 1987 haar halfeeu as produktiewe digter verbygesteek het. Haar produktiwiteit oor 53 jaar en 14 bundels vertoon nie publikasiebelustheid, ydele ekshibisionisme en eersug nie. Sy het konsekwent geweier om van haarself 'n openbare persoonlikheid te laat maak. Haar poësie moet spreek op die enigste manier waarop dit veronderstel is om te spreek – deur die digterlike woord.

Buite die klaskamer en lesingsaal ken die lesers van Afrikaans haar slegs as Dertiger; as die eerste digteres wat in dié taal aan die vrou stem verleen. Dit geld vir haar eerste vier digbundels, *Belydenis in die skemer* (1936), Die stil avontuur (1939), *Die vrou en ander verse* (1945) en *Die ander dors* (1946).

Haar bewuste omgang met haar literêre tradisie en haar eie ontwikkelende digterskap blyk uit die titel wat sy vir haar vyfde bundel, *Tussensang* (1950), kies. Mettertyd word dit duidelik dat dié dun bundeltjie inderdaad 'n digterlike verposing verteenwordig voordat Eybers ander gebiede as net die tradisioneel vroulike begin verken. Nog nege bundels verskyn: *Die helder halfjaar* (1956), *Neerslag* (1958), *Balans* (1962), *Onderdak* (1968), *Kruis of munt* (1973), *Einder* (1977), *Bestand* (1982), *Dryfsand* (1985) en *Rymdwang* (1987). Dis in die 37 jaar ná *Tussensang* dat Eybers haar as digter van formaat vestig.

Haar poësie vertoon 'n sterk verwantskap met die Nederlandse digter J.C. Bloem. Albei is digters van die menslike kondisie. 'n Gemis, en dus verlange, kenmerk die menslike bestaan: Gevolglik het die skryf van poësie vir Eybers 'n besondere en diep menslike betekenis: In die totstandkoming van die gedig slaan menslike ontoereikendheid oor in digterlike vervulling. Die digter is aldus 'n begunstigde, want die poësie vergoed vir wat in die lewe onvolmaak is.

Nederland

In die geheelbeeld van haar poësie blyk dit dat haar immigrasie na Nederland beslissend vir haar digterskap was. Dit was 'n lewenskrisis wat as biografiese feit omskep is tot digterlike waarhede met algemeen-menslike geldigheid. Sy het 'n adekwate poëtiese vorm vir die ervaringwêreld van die immigrant gevind.

Deurgaans kenmerk die saamdink van teenstellings binne 'n streng gekonstrueerde vers Eybers se poësie. Die gedig dwing sy maker tot presiesheid en noulettenheid. Dit alles maak haar kuns nooit serebraal nie, want in haar beste werke is ekstase en dissipline, intuïsie en intelligensie, die "teer hart" en die "stiletskerp gees" in perfekte balans.

Eybers is herhaaldelik vereer: met die Hertzogprys in 1943 en 1971, die CNA-prys in 1973, 1978 en 1983, die W.A. Hofmeyr-prys twee keer, die Ou Mutual-prys in 1989, eredoktorsgrade van Wits (1972), die RAU (1979) en die UP (1982) asook in Nederland (waar sy 'n wyd gelese digter is) die Herman Gorter-prys van die stad Amsterdam (1975) en die Constantijn Huygens-prys (1978).

Met haar 60ste verjaardag (1975) is 'n bundel literêre opstelle oor haar werk *(Ter wille van die edel spel)* aan haar opgedra. Met haar 75ste verjaardag in Februarie vanjaar het nog 'n huldigingsbundel met bydraes van Afrikaanse en Nederlandse literatore die lig gesien. Haar 15de digbundel, *Noodluik,* het ook onlangs verskyn.

Die US het as die oudste Afrikaanse universiteit nog altyd bewys hoeveel waarde hy aan Afrikaans, sy letterkunde en sy skrywers en digters heg. Die Department Afrikaans en Nederlands het deurentyd gedeel in die Universiteit se hoogste ideale rakende onderrig en navorsing. Daarby het die departement hom nog altyd vir die bevordering van kreatiwiteit beywer. "Dit is gepas dat juis die Universiteit van Stellenbosch Elizabeth Eybers in die jaar wat sy 75 word, huldig met die toekenning van 'n eredoktoraat." □

61 kry doktorsgrade

Altesaam 3 626 kwalifikasies is by die Universiteit se vier grade- en diplomaplegtighede in Desember 1989 en die aanvullende plegtigheid in Maart vanjaar toegeken. Dit sluit in 61 doktors-, 382 meesters-, 829 honneurs- en ander nagraadse B-grade, 1 971 voorgraadse B-grade asook 254 nagraadse en 129 voorgraadse diplomas. Meer as 42% van die kwalifikasies is vir nagraadse studie.

By een van die plegtighede in Desember is doktorsgrade toegeken aan drr. N.J. Dorfling (besigheidsbestuur en administrasie), A.S. Engelbrecht (bedryfsielkunde), W. van Wijk (bedryfsingenieurswese) en B.D. Phillips (bedryfsekonomie).



Regs: Doktorsgrade is ook in Desember toegeken aan (agter) drr. A.S. Myburgh (landbou-ekonomie), M.J. Smit (didaktiek), P.J. le Roux (didaktiek), M.J. de Waal (privaatreg en Romeinse reg). Middel: drr. D.C. van Zyl (Ou Testament), J. van Z. Pretorius (diakoniologie), Van A. Jordaan (didaktiek), C.D. Cilliers (opvoedkundige sielkunde), en A.B.K. Basson (akkerbou-weiding). Voor: drr. R.M. Britz (ekklesiologie), J.A.S. Anthonissen (diakoniologie), J.H. Coetzee (entomologie), M. Nell (ortopedagogiek) en J.H. Schreuder (didaktiek).

Regs, middel: By die derde plegtigheid in Desember is D-grade toegeken aan (agter) drr. D.J. Momberg (sielkunde), J.H. van der Merwe (geografie), R.P. van der Merwe (sielkunde), G.J. Rossouw (filosofie) en A.F. Conradie (Semitiese tale en kulture) asook (voor) drr. A.N. Otto (Afrikaans en Nederlands), N.S. Terblanche (stads- en streekbeplanning), E.M.M. Klopper (Afrikaans en Nederlands) en J.J. Sieberhagen (sielkunde).

Regs onder: Ook in Desember is doktorsgrade toegeken aan (agter) drr. C.J.C. Deale en B.G. Lindeque (albei in verloskunde en ginekologie), L.M.T. Dicks (mikrobiologie) en C.H. Jooste (prostodonsie) asook (voor) drr. N. Beyers (pediatrie), C.J. Bedeker (fisika) en B.D. Wingfield (mikrobiologie).

By die Maart-plegtigheid is doktorsgrade toegeken aan (agter) drr. A.R. Badenhorst (Afrikaanse kultuurgeskiedenis), J.F. de V. Graaff (sosiologie), S.L. Hall (argeologie), J.P. Hattingh (filosofie), T. Kriel (sielkunde), A.J. Ligthelm (mondpatologie), R. Scheepers (geologie) en D.M. Miller (anestesiologie). Middel: drr. K.A. Payne (anestesiologie), C.F. Heyns (urologie), I.S. Harper (geneeskundige biochemie), M.J. Loedolff (siviele ingenieurswese), A.R. Olivier (ekklesiologie), J.A. Tromp (besigheidsbestuur en administrasie), J.J. Müller (publieke administrasie) en J.J. Louw (besigheidsbestuur en administrasie). Voor: drr. P.J. van Eeden (interne geneeskunde), A.S. Kritzinger (sosiologie), M.J. Kotze (sitogenetika), M. Olivier (Afrikaanse kultuurgeskiedenis), H. Menkveld (ortopedagogiek), I.A. Trautmann (botanie), M.M. Vosloo (wiskundige statistiek), P.A. Scott (menslike bewegingskunde), H.M. Scheffler (Afrikaanse kultuurgeskiedenis) en K. Barkema (sielkunde). Afwesig: dr. A. Rapp (wynkunde).

Oudste oud-SR-leier op 92 steeds 'n skerp denker

Rustig, filosofies, ingelig en steeds die skerp denker wat van hom een van die mees gerespekteerde opvoedkundiges in Suid-Afrika gemaak het — dr. Gans Meiring, oudste lewende oud-Studenteraadvoorsitter van die Universiteit en ere-president van die Maties se klub van oud-SR-voorsitters.

Matieland het in die Paarl met dié pionier van opvoedkunde in Suid-Afrika gaan gesels waar hy 'n inwoner van Huis Vergenoegd is. Dr. Meiring het reeds 92 somers agter die rug en was in 1916 'n eerstejaarstudent aan die Universiteit van Stellenbosch toe dit nog as die Victoria-Kollege bekend gestaan het.

Hy is ook die vader van die Administrateur van Kaapland, mnr. Kobus Meiring en die bekende argitek en kunstenaar, mnr. Hannes Meiring.

Dr. Meiring was as't ware student toe 'n "Matie" nog nie geweet het hy is 'n "Matie" nie . . .

Dr. Meiring verduidelik: "Die meeste mense meen die bynaam vir 'n student aan die Universiteit van Stellenbosch, naamlik 'n "Matie", hou verband met die kleur van 'n tamatie en die maroenkleur in die vlag en klere van die Universiteit. Dit is selfs in 'n eksiklopedie wat ek teëgekom het, so aangeteken. Maar dit is nie so nie. Dit het 'n heel ander oorsprong.

"Hier teen 1916 was Stellenbosch 'n baie gesogte tersiêre inrigting, nie net onder Kapenaars nie, maar ook onder inwoners van die twee Boererepublieke, onthou dit was relatief gesproke maar 'n paar jaar ná die sluiting van die Vrede van Vereeniging.

Wel, hierdie groep studente van die Vrystaat en Transvaal was baie plattelands, gewoond aan 'n harde plaaslewe, ek kan amper sê op Stellenbosch met sy tradisie en kultuur was hulle soos visse uit die water. Gevolglik was daar 'n sterk samehorigheidsgevoel tussen hierdie groep Afrikaners en wanneer hulle mekaar op die kampus raakgeloop het, het hulle joviaal met 'n "Dag ou maat!" gegroet.

"Daar is so dikwels ge-"dag ou maat!" dat die Ikeys naderhand na die studente op Stellenbosch as "Maties" begin verwys het, 'n bynaam wat vasgesteek het."

Maar die byname vir mekaar het ook 'n ander nadraai gehad. Op hulle beurt het die Maties na die studente van die Universiteit van Kaapstad verwys as "Ikeys", 'n naam waarvan húlle aanvanklik net niks gehou het nie.

Dr. Meiring vertel: "Ek was voorsitter van die SR toe my eweknie van die UK gevra het om ons dringend te kom spreek. Hulle wou beswaar aanteken teen die naam, "Ikeys". Hulle voel nie gelukkig, het hy gesê, dat daar na hulle as "Ikeys" verwys word nie. En hy had goeie rede, want, het hy bygevoeg, almal aan die UK behoort tog nie tot een bevolkingsgroep nie.

"Dis waar, het ek gesê. Maar nou is dit ook so dat as 'n student eers met so 'n bynaam begin het, dit nie maklik in onbruik sal raak nie. Jy ken studente — hulle laat hulle nie maklik voorskryf nie. Vra jy hulle om dit nie te doen nie, sal dit

2 Oud-Maties skryf blitsverkopers

Twee Oud-Maties, Johannes Jordaan en Jan Evertse, vennote en eienaars van Helderberg Uitgewers op Stellenbosch, is ook suksesvolle skrywers van blitsverkopers op hul gebied.

Johannes Jordaan, wat Helderberg Uitgewers in 1987 begin het, is die skrywer van die gewilde boek *Finansiële beplanning – u sleutel tot welvaart* en medeskrywer van die hoogaangeskrewe *Ways to avoid tax legally*. Eersgenoemde is ook in Engels beskikbaar onder die titel *Financial planning – your key to wealth*. Hy het in 1971 die graad M. Sc. (Agric) verwerf, het daarna vir 15 jaar as raadgewende ekonoom en belastingraadgewer gepraktiseer en was ook 'n tyd lank dosent aan die U.S.

Sy vennoot, Jan Evertse, wat saam met sy ouers in 1954 vanaf Nederland geïmmigreer het, het in 1968 'n B.Sc.-graad verwerf, maar onmiddelik as programmeerder begin werk – 'n rigting wat destyds nog nie aan die US aangebied is nie. Hy het ook vyf jaar lank in Europa gewerk en keer in 1978 na Stellenbosch terug om rekenaarwetenskap te bestudeer.

Nadat hy 11 jaar aan die Universiteit verbonde was as programmatuurspesialis by Informasietegnologie, het hy sy eie sake-onderneming begin wat rekenaardienste aanbied. Die lang jare waarin hy US-personeel rekenaargeletterd gemaak het, het hom baie bewus gemaak van die gebrek aan Afrikaanse rekenaarliteratuur. Daarom het hy die boek *Mikrorekennaars en MS-DOS, 'n praktiese gids* geskryf wat die geheimenisse van DOS vir die Afrikaanse leser in eenvoudige taal verduidelik. Sedert hierdie gebruikersvriendelike boek aan die einde van 1989 verskyn het, het dit opslae gemaak in 'n mark wat maar altyd te geredelik aangeneem het dat Afrikaners hul rekenaarkennis in Engels wil opdoen.

Johannes Jordaan (links) en Jan Evertse.

Die publikasie word ook wyd deur universiteite, kolleges en onderwysdepartemente voorgeskryf. Dit was so gewild onder Engelse lesers dat 'n Engelse uitgawe pas uitgegee is.

Jan is reeds hard aan die werk aan 'n Afrikaanse boek oor LOTUS 1-2-3.

Die Matie-verbintenis eindig nie met die twee skrywer-uitgewers nie. Jan se vrou, Ilse, bemarkingsbestuurder by Helderberg, was ook 'n tydgenoot van hulle twee, terwyl Johannes se vrou, Sarah, ook 'n Oud-Matie, haar nou aan die US in B.A. Biblioteekkunde bekwaam.

Dit is met genoeë dat HELDERBERG UITGEWERS van Stellenbosch u bekendstel aan hul publikasies, verkrygbaar by u naaste boekwinkel of rekenaarhandelaar. U kan ook direk vanaf **Helderberg Uitgewers** bestel: Posbus 7086, Stellenbosch 7610.

deur J.H. Jordaan:

FINANSIËLE BEPLANNING - U SLEUTEL TOT WELVAART	R23,95
FINANCIAL PLANNING - YOUR KEY TO WEALTH	R23,95
WAYS TO AVOID TAX LEGALLY	R69,95
U SLEUTEL TOT 'N WELVARENDE AFTREDE	R17,95
YOUR KEY TO A WEALTHY RETIREMENT	R17,95

deur Jan C. Evertse:

MIKROREKENAARS EN MS-DOS, 'n Praktiese gids	R29,00
MICROCOMPUTERS AND MS-DOS, 'n Practical guide	R29,00
LOTUS EN MIKROREKENAARS, 'n Praktiese gids	R29,00
MIKROREKENAARS EN APPARATUUR - 'n kopersgids	R29,00

(Pryse sluit nie AVB in nie).

waarskynlik die teenoorgestelde uitwerking hê. Ons aanvaar dit dat julle ons "Maties" noem, aanvaar julle nou maar ook dat ons na julle as "Ikeys" verwys, het ek bygevoeg. Ek het hom daarop gewys dat die koerante se sportskrywers ook na hulle as "Ikeys" verwys."

"Hy het my antwoord maar teensinnig aanvaar. Ek is baie bly om te kan byvoeg dat dié teensin later van tyd in 'n trots ontwikkel het."

Nog 'n bynaam wat gedurende hierdie

HELOÏSE DAVIS het met die Maties se oudste lewende oud-Studenteraadsvoorsitter gesels oor sy studentedae bykans 'n driekwarteeu gelede

tydperk sy oorsprong gehad het, was dié van die jong J.G. Meiring. Die oud-professor vertel met 'n vonkel in die oog dat hy baie jonk was toe hy eerstejaar was. "Gedurende huisgodsdiens in die aand het ek gevolglik maar ietwat gesukkel om al die note by te kom. Vir die ander studente het dit skynbaar soos 'n gans geklink en hulle het my "Gans" begin noem. Vandag, 74 jaar later, word ek dit nog steeds genoem."

Wat is een van die belangrikste aspekte van studentwees aan die Universiteit van Stellenbosch wat hom die meeste bybly? "Ongetwyfeld die lojaliteit wat ons teenoor die Universiteit gehad het. Ons was ongelooflik trots om Maties te wees. Dit was inderwaarheid vir ons 'n eer.

"Ons was baie trots dat ons studente van Stellenbosch was. Stellenbosch wat ook die tuiste was van groot manne soos Jan Smuts, Langenhoven en veral D.F. Malan vir wie ek 'n grenslose bewondering gehad het."

Debatsvereniging

Hy vertel dat sy familie se vriendskap met dr. Malan begin het toe sy vader voorsitter was van die US Debatsvereniging en die jong Malan 'n eerstejaar. Malan is gevra om 'n bydrae oor die roeping van die jongmens te lewer. Die senior wat dit moes beoordeel, was onnodig snedig teenoor die stuk werk — waarskynlik jaloers — en die jong Malan was gevolglik erg afgehaal.

"Ná afloop van die vergadering het my vader toe vir jong Malan nader geroep en hom verseker dat die stuk werk uitsonderlik goed is, dat hy beslis weer gevra sal word vir 'n bydrae en dat hy nog baie van hom verwag.

"Jare later, toe dr. Malan al Eerste Minister was, het hy aan my vertel hoe baie my vader se woorde vir hom beteken het, dat hy daardie bemoediging nooit vergeet het nie en dat dit van hom 'n ware vriend van Vader gemaak het."

Dr. Meiring vertel ook hoe 'n welkome gas Langenhoven - wat toe reeds afgestudeer het - op die kampus was. "Langehoven was lief om Stellenbosch toe te kom en is altyd deur ons studente met ope arms ontvang. Ons het trouens so 'n hoë dunk van hom gehad dat die idee om 'n sentrum na hom te vernoem reeds in my dae geopper is."

Dit sou seker nie verkeerd wees om na dr. Gans Meiring as 'n blou-bloed Matie te verwys nie. Sy verbintenis met die

inrigting strek nie verniet oor byna 'n eeu nie. Sy vader was in 1893 'n teologiese student in sy eerste jaar. Daarná het hy die tradisie voortgesit, gevolg deur sy kinders - drie seuns en twee dogters - en in die hede sy kleinkinders.

Hy is trots daarop dat selfs sy kleinkinders wat in Transvaal woon, die spesiale band met Maties ervaar en net soos wat hy jare gelede was, trotse Maties is. Hy vertel 'n interessante staaltjie oor sy seun, Hannes, vandag bekende argitek en kunstenaar.

"Die US bied natuurlik nie argitektuur aan nie met die gevolg dat Hannes Ikeys toe moes gaan vir sy opleiding. Hy en sy maats aan die Paul Roos-gimnasium op Stellenbosch waar hy gematrikuleer het, was nie baie gelukkig oor die feit dat hy nie Maties toe kon gaan nie. Hannes besluit toe hy gaan toestemming vra om minstens die ontgroening van die Maties mee te maak voordat hy 'n Ikey word. Dit het inderdaad gebeur en daarom kan ek vandag ja en nee sê as iemand my vra of al my kinders Oud-Maties is."

Dr. Meiring se loopbaan in die onderwys het waarskynlik begin die dag toe hy in 1918 die B.Sc.-graad met hoofvakke wiskunde, fisika en chemie behaal het, want die daaropvolgende jaar was hy een van die eerste Maties wat die nuwe B.Ed-graad gevolg het.

Hy het sy onderwysloopbaan as onderwyser aan die Paul Roos-gimnasium begin. In 1922 het hy sy loopbaan onderbreek met sy vertrek na die Universiteit van Leipzig waar hy die Ph.D.-graad in 1924 verwerf het.

Terug in Suid-Afrika het hy in 1925 dosent aan die Opleidingskollege op Potchefstroom geword, 'n pos wat hy beklee het totdat hy in 1936 rektor van



die Opleidingskollege op Wellington geword het.

Van 1940 tot 1953 was hy hoogleraar in opvoedkundige sielkunde aan die US en daarná tot in 1960 Superintendent-generaal van Onderwys in Kaapland. In 1960 is hy as die eerste rektor van die Universiteit van Wes-Kaapland aangestel en aan die einde van 1967 het hy afgetree.

'n Hoogtepunt van sy lang verbintenis met die opvoedkunde was toe die Suid-Afrikaanse Onderwysunie verlede jaar erelidmaatskap van die SAOU aan hom toegeken en 'n goue erepenning aan hom oorgehandig het uit erkenning vir sy jarelange volgehoue en onbaatsugtige diens aan opvoedkunde in Suid-Afrika.

Dit is duidelik dat die oorhandigingplegtigheid wat in die tehuis plaasgevind het, vir hom onbeskryflik baie beteken het en dat die goue erepenning een van sy waardevolste besittings is.

"Ek kon nie woorde vind om die mense te bedank wat my so 'n groot eer aangedoen het nie."

Die erepenning is inderdaad die bekroning van 'n man wat hom sy lewe lank vir die onderwysberoep beywer het, maar wat bowenal - en dit is belangrik - sy roeping suksesvol volvoer het. □

Mev. Malene Breytenbach wat onlangs as publisiteitsbeampte in die afdeling Openbare Betrekkinge aangestel is.

Sy het vroeër vanjaar 'n honneursgraad in die joernalistiek met lof aan die US verwerf, nadat sy voorheen BA en 'n honneursgraad in Engels met lof aan die Universiteit van Pretoria behaal het.

Mev. Breytenbach het lank as vertaler gewerk, was onder meer hoofvertaler by Krygkor en het haar eie persskakel-onderneming in Pretoria bedryf. Sy woon sedert 1985 op Stellenbosch, waar haar man, prof. Willie Breytenbach, hoof van die US se Departement Afrikastudie is.

Taalsimbole verander, danksy US-navorsing

'n Onderafdeling van 'n stel taalsimbole wat minstens 60 jaar deur die International Phonetic Association (IPA) erken is, is verlede jaar verander – danksy die resultate van 'n navorsingsprojek deur 'n US-professor en sy navorsingassistent.

Prof. Justus Roux en mnr. Henk Brand van die Departement Afrikatale het dié eksperimenteel-fonetiese navorsing oor die klanksisteem van Xhosa in die departement se fonetieklaboratorium gedoen.

Die gewysigde taalsimbole geld vir die klapklanke (ook bekend as "suigklanke") wat in Suider-Afrika in tale soos Zulu, Xhosa, Swati en die Boesmantale voorkom.

Prof. Roux het die wysings in die tweede semester verlede jaar op 'n belangrike IPA-byeenkoms in Kiel, Wes-Duitsland, voorgelê. Nadat dit aanvanklik sterk teengestaan is, het 'n groot meerderheid van die sowat 200 deelnemers uit 28 lande die Stellenbosser se voorstelle aanvaar.

IPA bestaan reeds seder 1886. Die vereniging is onder meer vir die daarstel van 'n internasionale fonetiekalfabet verantwoordelik. Dié word gebruik om spraakklanke wat in alle menslike tale voorkom, aan te dui. Die alfabet word gebruik in die beskrywing van klanke in verskillende tale asook om byvoorbeeld die uitspraak van woorde in woordeboeke, teksboeke, ens. aan te dui.

In 1987 het die internasionale vereniging besluit om die alfabet verlede jaar op 'n werkswinkel in Kiel grondig te hersien. Alle belanghebbendes is gevra om reeds 18 maande voor die byeenkoms gemotiveerde voorstelle by verskillende koördineerders in te dien, om wêreldwyd kommentaar daaroor in te win.

Verskeie studiegroepe het dié voorstelle informeel bespreek. In sekere gevalle is vraelyste na die lede gestuur en 'n stemming oor die betrokke sake gehou. Die uitslae van die stemming is in die Journal of the Internaional Phonetic Association (JIPA) gepubliseer.



Prof. Roux (links) en mnr. Brand.

Klapklanke

Die wyse waarop klapklanke aangedui moet word en die verband tussen die simbole en die fonetiese aard an klanke het voor en tydens die werkswinkel in Kiel ter sprake gekom. Taalnavorsers in Suider-Afrika het baie jare al hul eie stel simbole gebruik om dié klanke voor te stel. IPA wou dit nooit voorheen erken nie.

'n Poging deur die IPA-voorsitter, prof. Peter Ladefoged van Kalifornië, om die Suider-Afrikaanse stelsel by verlede jaar se byeenkoms in Kiel erken te kry, is reeds voor die byeenkoms met 'n tweederde meerderheid verwerp.

Prof. Roux — die enigste Suid-Afrikaner by die byeenkoms — het toe gevra om navorsingsresultate ter ondersteuning van 'n gewysigde Suider-Afrikaanse simbolestelsel by die byeenkoms voor te lê. Dié versoek is toegestaan en ná verskillende groepbesprekings is dit uiteindelik op die laaste dag van die byeenkoms met 'n groot meerderheid aanvaar.

Rekenaartegnieke

Prof. Roux en mnr. Brand het die betrokke navorsing oor 'n tydperk van vier jaar gedoen. Hulle het 'n verskeidenheid rekenaartegnieke in die ondersoek gebruik. Hulle het ook deeglike fonetiese motivering vir 'n gewysigde Suider-Afrikaanse simbolesisteem gevind.

Die Universiteit en die RGN het ruim bygedra om die navorsing moontlik te maak. Prof. Roux het 'n deel van die ondersoek in Stuttgart, Wes-Duitsland, uitgevoer. Dit is deur 'n toekenning van die Alexander von Humboldt-stigting in daardie land moontlik gemaak. □

Mnr. Danie Viljoen (naasregs) van Rawsonville het 'n US-losiesbeurs ter waarde van R3 800 gewen. Dit was die eerste van 30 pryse in die eerste jaarlikse prystrekking vir Volkskas se eksklusiewe Oud-Matie-kredietkaarthouers. By mnr. Viljoen is sy vrou, Susanne, asook mnre. Jannie van Eyk (links), hoof van die US se Inkoopafdeling, en Johan Fechter, direkteur van Openbare Betrekkinge.

Die tweede prys, Desember-vakansieverblyf vir sewe nagte op die US-kampus, is deur mnr. A.V. Bester van Groenpunt, Kaapstad, gewen. Mnr. J.A. du Plessis van Bellville het die derde prys, naweekverblyf vir vier mense in die Savoy-hotel op Plettenbergbaai, losgeslaan. 'n Vierde en vyfde prys, naweekverblyf vir twee mense in enige Holiday Inn-hotel, is deur mej. D. Cronje van Rondebosch, Kaapstad, en mnr. M.S.S. Kritzinger van Athol-tuine, Johannesburg, gewen.

Die Viljoens is albei Oud-Maties wat in die middel-sewentigerjare op Stellenbosch gestudeer het - hy in die landbouwetenskappe en sy huishoudkunde. Sy was 'n nooi Schneider, 'n inwoner van Huis Neethling. Hy is 'n oud-Simonsberger. Omdat hulle spruite nog te klein is om Universiteit toe te gaan, belê mnr. Viljoen die losiesbeursgeld wat hy gewen het vir daardie dag as die eerste Viljoentjie oud genoeg is om 'n Matie te word.

Bo: Mnr. Oloff Bergh (regs) het as Wes-Kaaplandse streekhoofbestuurder van Standard Bank 'n jaarlikse skenking vir Stellenbosch 2000 aan prof. Mike de Vries, Rektor en Vise-kanselier, oorhandig. Onder: Mnr. Dries Conradie (links), bestuurder van Trust Bank op Stellenbosch, het sy bank se skenking aan prof. Hennie Rossouw, Vise-rektor (Akademies) oorhandig.

Prof. Frik Buys (naaslinks) van Port Elizabeth, voorsitter van die bewegingsopvoedkunde-afdeling van Savslor, met die bekendstelling van die nuwe tydskrif, saam met dr. Beatrice Wiid, direkteur van die Instituut vir Sport- en Bewegingstudie, prof. Edith Katzenellenbogen, van die Departement Menslike Bewegingskunde, en mnr. Gordon Paterson, redakteur van Vita.

Instituut stel nuwe tydskrif bekend

Vita, 'n nuwe tydskrif vir liggaamlike opvoeding, sport en rekreasie, is onlangs op Stellenbosch bekend gestel. Dit word deur die Instituut vir Sport en Bewegingstudie aan die Universiteit uitgegee.

Die blad sal twee keer per jaar uitgegee word. Mnr. Gordon Paterson, 'n dosent in menslike bewegingskunde aan die US, tree as redakteur op. Hy word deur 'n redaksionele raad van nog sewe kenners bygestaan.

Vita word in samewerking met die SA Vereniging vir Liggaamlike Opvoeding, Sport en Rekreasie (Savslor) uitgegee. Al die onderwysowerhede in die land en in die TBVC-lande het ook hul steun aan die nuwe blad toegesê.

Volgens mnr. Paterson is dié eerste uitgawe 'n gedenkuitgawe omdat dit presies 50 jaar is sedert 'n soortgelyke tydskrif, *"Physical Education — Liggaamsopvoeding"* in 1939 ook op Stellenbosch uitgegee is. Onder die leiding van dr. Anton Obholster, destydse hoof van die Departement Liggaamlike Opvoeding aan die US, het dié blad gedy.

Nadat dit teen 1947 deur die destydse Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap oorgeneem is, is die naam daarvan na *Vigor* verander. Die Departement van Sport en Ontspanning het later die verantwoordelikheid daarvoor aanvaar en in 1966 besluit om die uitgee daarvan te staak.

Uit 'n vraelys het dit onlangs geblyk dat daar steeds 'n behoefte aan so 'n tydskrif, veral vir die onderwyser van menslike bewegingskunde (liggaamlike opvoeding) bestaan.

Vita beoog nie net om die leemte aan gepubliseerde materiaal in dié studieveld in Suid-Afrika te vul nie, maar om ook, soos die woord aandui, "lewe" en groei in dié professie te bewerkstellig, sê mnr. Paterson. □

Skoliere maak kennis met die ingenieurswese

Die jaarlikse Ingenieursweseskool vir alle standerd 9- en matriekleerlinge wat op universiteit in die ingenieurswese wil studeer, gaan gedurende 8-13 Julie 1990 by die Universiteit gehou word.

Leerlinge van dwarsoor die land woon jaarliks die gewilde weeklange inligtingsbyeenkoms op Stellenbosch by om meer oor dié professie te wete te kom. Dit word reeds meer as 'n dekade deur die ingenieurs-studenteraad van die Universiteit aangebied, vir skoliere wat aan enige universiteit in dié rigting wil studeer.

By die Ingenieursweseskool word die leerlinge met al die verskillende rigtings en vertakkings van ingenieurswese bekend gestel. Lesings, demonstrasies en rolprentvertonings word onder meer aangebied, en nywerhede soos die Koebergkernkragsentrale, Atlantis-dieselenjins en die WNNR se Nasionale Versnellersentrum, word besoek.

Die skoliere kry die geleentheid om alle onduidelikhede oor hul beoogde ingenieursloopbane met dosente, professionele ingenieurs en senior studente informeel te bespreek. Die SA Vervoerdienste e.a. instansies bied uitstallings aan en verskaf inligting oor hul beurse en beroepsmoontlikhede.

Sowat 200 skoliere het die 1989-skool bygewoon. Omdat dit so gewild is, word verwag dat meer vanjaar toegelaat sal word, hoewel net 'n beperkte getal daarvoor gekeur kan word. Almal bly vir die duur van die skool in US-koshuise en kry terselfdertyd 'n voorsmakie van studentwees.

Die meeste van die eerstejaars wat elke jaar in die ingenieurswese op Stellenbosch begin studeer, het tevore die Ingenieursweseskool bygewoon, en getuig van die voordele wat dit vir hulle ingehou het om vooraf meer sekerheid te kry oor die beroep wat hulle wil volg, asook die verskillende studierigtings, beroepsmoontlikhede en studiebeurse wat beskikbaar is.

Die Ingenieursweseskool lewer 'n besliste bydrae om die groot tekort aan opgeleide professionele ingenieurs in Suid-Afrika te help verlig. Om dié rede borg die US en 'n aantal groot nywerheidsinstansies die grootste deel van die koste vir die skool. Die R140-inskrywingsfooi wat elke skolier moet betaal, dek die verblyf, etes, besoeke aan nywerhede en alle ander kostes.

Inskrywingsvorms en 'n volledige inligtingstuk is van die Ingenieursweseskool-organiseerder, VSIS, Fakulteit Ingenieurswese, Universiteit, Stellenbosch, 7600, op aanvraag beskikbaar. Aansoeke moet teen 15 Mei ontvang wees. □

Mnr. Sunley Uys (links), direkteur van die US Stigting, wens mnr. De Necker geluk met die wenmotor.

Kompetisie maak nuwe gimnasium moontlik

'n Fiksheidsgimnasium vir alle Maties en US-personeel – iets wat lankal 'n dringende behoefte op die kampus geword het is – is vroeër vanjaar op Coetzenburg in gebruik geneem. Dit is grootliks moontlik gemaak deur 'n motorkompetisie waarvoor Samcor 'n Ford Sapphire 2.0 GL as eerste prys geskenk het.

Slegs 100 uitgesoekte donateurs wat bereid was om elk R1 000 vir die gimnasium te skenk, kon aan die kompetisie deelneem. Die meeste van hulle was by 'n spogdinee op die kampus waar die wenner aangewys is.

'n Bekende Oud-Matie van die Paarl, mnr. Jan de Necker, het met die wenmotor weggery. Daar was ook 'n tweede prys van R3 000 kontant, 'n derde van R2 000 kontant en 'n kis wyn as troosprys vir elke ander deelnemer.

Die kompetisie het gesorg vir 'n groot deel van die sowat R160 000 wat nodig was om die nuwe gimnasium in die Menslike Bewegingskunde-gebou op Coetzenburg in te rig. Die Instituut vir Sport- en Bewegingstudie, gesetel in dié departement, bedryf die gimnasium.

Elektronies

Dit is ingerig in 'n lugversorgde saal, toegerus met spieëls, 'n volvloertapyt, 'n elektroniese toegangsbeheerstelsel en 40 van die modernste oefenapparate. Dié is ingerig as 40 "oefenstasies". Elkeen is genommer sodat 'n mens hulle in 'n bepaalde volgorde moet deurwerk.

Optimale gebruik van die gimnasium word verkry deur 'n elektroniese klok en ligte teen die muur wat slegs 50 sekondes oefentyd op elke apparaat toelaat, gevolg deur 'n rustyd van 15 sekondes waarin 'n mens verskuif na die volgende apparaat waar jy weer 40 sekondes toegelaat word.

Dit neem dus ongeveer 40 minute om die oefenapparate in een rondte deur te werk. Opgeleide personeel is altyd beskikbaar om toesig te hou en te help waar dit nodig is. Spesiaal uitgewerkte programme word ook aan lede verskaf.

Maklik verstelbare gewigte maak dit moontlik om die apparate by 'n mens se eie fiksheidvlak aan te pas. Die gimnasium – ook bekend as die "Super Circuit" – is deur die week van halfsewe soggens tot nege-uur saans en Saterdae die hele oggend beskikbaar.

Lede sluit nie vir 'n tydperk aan nie, maar koop tien of meer oefensessies op 'n slag. Omdat toegang tot die gimnasium slegs elektronies m.b.v. 'n eie plastiek-lidmaatskapkaart verkry kan word, word 'n sessie op die lid se "rekening" gekanselleer elke keer wanneer geoefen word. Is alles opgebruik, moet die lid eers weer sessies bykoop voordat daar met dié kaart toegang tot die gimnasium verkry kan word.

Naas die nuwe gimnasium, is aerobiese oefensessies en rondte-oefeninge met ligte gewiggies ook vier maal per week – laat smiddae wanneer die gimnasium baie vol is – in 'n groot spelesaal van die Departement Menslike Bewegingskunde (MBK) onder leiding van personeellede van dié departement beskikbaar.

Personeellede kan ook by oefengroepe, een vir mans en een vir vroue, aansluit wat apart van mekaar elkeen twee keer per week in middagetetyd onder leiding van MBK-dosente oefen – die helfte van die tyd op die nuwe gimnasiumapparaat en die res van die tyd in aerobiese oefensessies.

Laboratoriumtoetsing en -meting deur MBK-personeellede is ook vir studente en dosente beskikbaar – veral vir dié wat oor hul fisieke toestand onseker is en raad oor die korrekte oefenprogram wil hê. Die ondersoeke sluit die meting van bloeddruk, persentasie liggaamsvet en antropometriese mate in, asook 'n longfunksietoets en fiksheidsevaluering.

Die nuwe laboratorium met sy moderne toerusting bied ook die geleentheid om MBK-studente in gimnasiumbestuur op te lei. Navorsing deur dosente en senior studente kan ook hier gedoen word. □

ATLETIEKKLU

Deesdae behaal die Maties se atletiekklub van sy beste prestasies in 'n lang tyd. Die US-vrouespan het onlangs die vroue-afdeling by die SA Universiteite-byeenkoms gewen, met die Matie-mans derde in hul afdeling. Kort tevore het die Matie-mans en -vroue hulleself ook by die SAU-landloop- en padaflosbyeenkoms deeglik laat geld.

Toe die Matie-vrouespan by die SAU-byeenkoms wat in Desember verlede jaar in Johannesburg gehou is, die gesogte Roger Dyason-skild as wenners van die vroue-afdeling ingepalm het, was dit die eerste keer sedert 1977 dat die US se vroue-atlete die eerste plek op SAU-vlak beklee het. Voorverlede jaar het die Matie-vrouespan derde, en die Matie-mans vierde, geëindig.

Vroeg verlede jaar het die Matie-vrouespan ook albei afdelings van die SAU-landloop/padaflos-byeenkoms gewen. Die Stellenbosse mans was tweede in dié landloopkompetisie en eerste in die padaflos.

Die klub beskik ook nou oor 'n hele aantal voorste middelafstand-atlete. Hulle sluit van die land se topatlete in, soos die driedubbele Springbok Elana van Zyl, die dubbele Springbok Marjorie van der Merwe, die Junior Springbok Marius-

Tanya

Die Matie-vrouespan wat onlangs die SAU-byeenkoms ge Toit. Middel: Dané van Zyl, Estie Gertenbach (kaptein), Bruwer en Petrusa Swart. Voor: Elanza Steenkamp, Jennif

JB PRESTEER

Peckham.

ven het. Agter: Carin Botes, Gerda Kruger en Jurina du Lynette Crause (chaperonne en fisioterapeut), Liezel er Bam, Ursula Allers en Tanya Peckham.

Hugo Schlechter, asook Francois du Toit, die SA o.19-rekordhouer in die 110 m hekkies.

Elana van Zyl het haar Springbokkleure in baan en veld, in landloop en in padwedlope behaal. Sy het in Oktober verlede jaar groot nuus gemaak toe sy op 'n byeenkoms op Coetzenburg die 10 000 meter in 'n tyd van 32 min. 29,8 sek. afgelê het en daarmee die vorige Afrika-rekord van 32:50,25 verpletter het.

Nog 'n voorste SA middelafstand-atleet wat verlede jaar in Matiekleure groot naam gemaak het, is Tanya Peckham. Sy het dubbele Springbokkleure, in baan en veld asook landloop. As die SA titelhouer in die 1 500 m, het sy ook verlede jaar 'n skitterende Afrika- en SA rekord in die myl vir vroue opgestel toe sy op 'n byeenkoms in Port Elizabeth dié wedloop in 4 min. 27,18 sek. gewen het. Daarmee het sy 'n SA en Afrika-rekord wat reeds agt jaar op die rekordboeke was, uitgewis.

Belowend

Ander belowende middelafstandatlete waaroor die klub nou beskik, is Naudé Jordaan, Jantjie Marthinus (wat onlangs die 800 m in 1:47,16 afgelê het), O'Neil Simpson en Johan Landsman. Warren Petterson is 'n nuwe aanwins by die klub van wie veel in die pad- en landloopafstande verwag word.

Die Brasiliaanse paalspringatleet Tom Hintnaus het verlede jaar terwyl hy in Matiekleure meegeding het, nie minder as ses SA en Afrika-rekords opgestel nie. Louis van Zyl het ook verlede jaar as 'n voormalige lid van die Matieklub 'n SA paalspringrekord opgestel. (Die Matiepaalspringers het sedert 1985 naam gemaak deurdat Gerrit Hattingh in daardie jaar 'n SA rekord in Matiekleure opgestel het, gevolg deur Louis van Zyl met 'n SA rekord in Matiekleure in 1986, en die destydse Matie-Springbok Pieter Roux met 'n SA rekord in 1987). □

Elana van Zyl.

Prys vir natuurboek

PROF. NIEL DU PLESSIS, 'n Oud-Matie wat nou aan die Departement Toegepaste Wiskunde verbonde is nadat hy as dosent aan die Universiteit van Wes-Kaapland afgetree het, is die medeskrywer van *Bulbous Plants of Southern Africa* wat onlangs met die Recht Malan-prys bekroon is. Hy is ook verlede jaar vir sy natuurbewaringswerk met die Cape Times se eeufeesmedalje vereer.

Die boek is 'n omvattende gids vir die kweek en voortplanting van Suider-Afrika se bolplante — dit is plante wat 'n ondergrondse bergingsorgaan soos 'n knol of bol het. Suider-Afrika is besonder ryk aan spesies van dié soort plante, maar die oorgrote meerderheid daarvan is onbekend aan die breë publiek, sê prof. Du Plessis.

"Baie spesies word met uitwissing bedreig en geniet nie voldoende beskerming in reservate nie. Deur dié plante te kweek, kan 'n belangrike bydrae tot hul bewaring gelewer word."

Mnr. Graham Duncan, kurator van bolplante by die Nasionale Botaniese Tuin, Kirstenbosch, is die ander skrywer van die boek. Dit bevat kleurafdrukke van waterverfillustrasies deur Elize Bodley van bykans 300 plantspesies.

Die werk het die Recht Malan-prys gekry vir die beste nie-literêre of feiteboek wat in 1989 by Nasionale Boekhandel se uitgewerye verskyn het.



Prof. Du Plessis se belangstelling in natuurbewaring strek oor drie dekades. Hy het ook 'n boek oor die wintergroeiende gladioli van Suider-Afrika saam met prof. G.R. Delpierre, dosent in biochemie aan die UWK, geskryf. Dit het in 1974 verskyn.

Prof. Du Plessis het B.Sc. (1956) en M.Sc. in fisika (1958) op Stellenbosch en 'n doktorsgraad in toegepaste wiskunde (1976) aan die Universiteit van Kaapstad behaal. □

Onder die dosente wat langdiens-toekennings ontvang het, is proff. A. Schoeman, I.M. Hofmeyr en H.C.L. Aucamp.

Mnre. J. Namindo, T. Maweni en H. Ndaliso, al drie van die Fakulteit Geneeskunde, is ook vir lang diens vereer.

62 word vir kwarteeu se werk vereer

Altesaam 11 professore, drie medeprofessore en 12 ander dosente, asook die direkteur van Finansies en Dienste, die direkteur van Studentevoorligting en twee assistent-registrateurs is onder die 62 US-personeellede wat teen die einde van verlede jaar deur die Rektor en Vise-kanselier, prof. Mike de Vries, met langdiens-toekennings vereer is.

Hulle het elk tussen 25 en 26 jaar diens aan die Universiteit agter die rug. Elkeen het 'n sertifikaat asook 'n geskenk van sy/haar keuse vir 'n bepaalde bedrag ontvang.

Dit was die vyfde jaar na mekaar dat US-personeellede so vir hul lang dienstydperke vereer is.

Die professore wat onlangs toekennings ontvang het, is proff. C.J. Swanevelder (Departement Geografie), I.M.R. van Aarde (Biometrie), W.J.O. Jeppe (Ontwikkelingsadministrasie), W.J. Engelbrecht (Chemie), W.E. Kassier (Landbouekonomie), A.J.M. de Vries (Besigheidsbestuur en-administrasie), I.M. Hofmeyr (Verpleegkunde), H.V. Hattingh (Buro vir Meganiese Ingenieurswese) A. Schoeman (Statistiek) en S.J. Terreblanche (Ekonomie).

Medeprofessore wat vir hulle lang toewyding vereer is, is proff. J.W. Koen (Fisika), C. Olivier (Chemie) en H.C.L. Aucamp (Afrikaans, Opvoedkunde).

Die 12 ander dosente wat toekennings gekry het, is senior lektore drr. L.M. Muntingh, D.P. Edmunds (Engels), J.S. Allan (Genetika) en J.H. Jooste (Botanie), mev. E.M.K. Cronjé (Musiek) en mnre. J.J.N. Lambrechts (Grond-en landbouwaterkunde), K.R. Streuber (Beeldende Kunste) en H.P. van der Westhuizen (Musiek); asook lektore dr. J.H. (Hantie) du Toit (Menslike Bewegingskunde), mev. L.P. Raubenheimer (Sosiologie) mnr. H.S. Pienaar (Geologie) en mnr. P. de Lange (Musiek).

Dr. Du Toit is op oujaarsdag verlede jaar oorlede.

Naas mnre. E.L. Conradie, direkteur van die Eenheid vir Studentevoorligting en A.J. van Tonder, direkteur van Finansies en Dienste, het assistent-registrateurs mnre. D.E. van Niekerk (Kursusse) en L.M. Toerien (Algemeen) ook toekennings ontvang. Mev. L. Rabie, prinsipale van Nerina, en mnr. H.H Wirth, restourateur, was ook onder die vereerders.

Die ander 31 langdienstoekennings het gegaan aan mevv. A.C.W. Brink en S. le Roux (albei van die J.S. Gerickebiblioteek), mejj. E.C. de Beer (sekretaresse, registrateur) en H.M.C. Rossouw (Fisioterapie) asook mnre. H. Ndaliso, J. Namindo en T. Maweyi (al drie van Geneeskunde), D.S. Davids (Eendrag), I.P. Davidse (Siviele Ingenieurswese), F. Damonse (geografie), A.D. Geldenhuys (Instandhouding), J. Palmer (Geologie), E. Dakana (Huis Visser en Huis Marais), W.A. Gordon (Menslike Bewegingskunde), A.J. Lintveldt (Soölogie), D.C.A. Hendrikse (Geologie), A. Davey (Buitemuurs), T. Daniels (Chemie), H. Constabel (Wilgenhof), D. Roberts (Beeldende Kunste), C.P. Kuun (Risikobestuur), M.J. Mlambo (Mariendahlproefplaas), A.P. Mouton (Administratiewe Rekenaarstelsels), mnr. W.E. Adams (Buro vir Ekonomiese Ondersoek), W.J. van Wyk (Houtkunde), W. Frans, M. Benn en P. Willemse (al drie van die Afdeling Sport en Ontspanning), L.D. Ghalpie (Sentrale Administrasie) en R.J. Martin (Boskunde). □

Senior administratiewe personeellede wat toekennings ontvang het: mnre. A.J. van Tonder, L.M. Toerien en D.E. van Niekerk.

Mnr. H.H. Wirth asook proff. W.E. Kassier en S.J. Terreblanche met die oorhandiging van die langdiens-toekennings aan hulle.

Groot versameling boeke aan US nagelaat

Byna negentig persent van 'n reuse-boekversameling — onder meer oor die vakgebiede Semitiese tale en kulture, Ou en Nuwe Testament, die Klassieke en die teologie in die algemeen — is onlangs aan die Universiteit nagelaat.

Prof. Charles Fensham, afgetrede hoof van die Departement Semitiese Tale en Kulture, het die kosbare versameling deur 'n leeftyd van studie en navorsing bymekaargemaak. Hy is in Julie verlede jaar oorlede.

Die US het meer as 5 000 boeke uit die versameling geërf. Nadat US-biblioteekpersoneel die versameling georden en gekatalogiseer het, sal die boeke — soos wat prof. Fensham dit wou hê — as 'n werksversameling in die Departement Semitiese Tale en Kulture ingerig word. Dit sal vir onderrig en navorsing gebruik word.

Internasionale

Prof. Walter Claassen, huidige departementshoof, meen dit is nie net die grootste privaatboekery oor die betrokke studievelde in die land nie, maar "is baie meer omvattend as die versamelings van baie biblioteke. Selfs op die internasionale vlak beoordeel, sal daar maar baie min privaatversamelings vergelykbaar met dié een gevind kan word."

Volgens prof. Claassen is die versameling baie waardevol vir navorsing en onderrig op die gebied van die Semitiese tale en kulture asook die dissiplines wat daarmee verband hou. Die versameling is so volledig dat prof. Fensham dit vir bykans al sy navorsing volledig kon gebruik, "en hy het tot sy sterfte nog gereeld deur publikasies sy bydrae tot die wetenskap gelewer."

Prof. Fensham het 'n belangrike rol vervul om Semitiese tale landwyd te vestig en uit te bou. Hy was tot sy aftrede in 1985 departementshoof aan die US en het daarna steeds deeltyds in sy ou departement gewerk. Ook internasionaal het hy vir sy belangrike navorsingsbydrae bekendheid verwerf en 'n wye kring van vriende en kollegas wêreldwyd opgebou.

Daarby was hy bekend as 'n boekeliefhebber en -versamelaar. Sy wye belangstelling in die geesteswetenskappe het meegebring dat hy oor byvoorbeeld die taalkunde, filosofie, geskiedenis en kultuurwetenskappe 'n waardevolle versameling opgebou het.

Dit was vir prof. Fensham altyd baie belangrik om die basiese literatuur te versamel, d.w.s. die oorspronklike of beste uitgawes van die ou tekste, asook die belangrikste vertalings of interpretasies daarvan. 'n Aantal boekhandelaars van antikwariaat het hul oë oopgehou vir sulke werke en prof. Fensham telkens laat weet as hulle iets besonders gevind het.

Die versameling sluit onder meer die volgende ses gebiede van baie groot belang in: Die geskiedenis van Israel en die Ou Nabye Ooste (die Bybelse wêreld); die kultuurgeskiedenis van die Ou Nabye Ooste (waarin die versameling veral op die gebied van die regstelsels en -praktyke byna heeltemal volledig is); die vroeë Judaïsme (en daarmee saam die Dooie See-rolle); talle feesgeskrifte of -bundels wat sekerlik een van die volledigste versamelings hiervan op die vakgebiede Semitiese tale en Ou Testament insluit; die tale van die Ou Nabye Ooste (soos Hebreeus, Aramees, Ugarities, spykerskrif en hiërogliewe) waarin prof. Fensham gereeld onderrig gegee het en dit met groot gemak in sy navorsing gehanteer het; asook die versameling oor Ugarities, 'n taal wat in die tweede millennium v.C. gebruik is in ongeveer die gebied wat vandag as Sirië bekend is.

Vir prof. Claassen is dit belangrik dat die versameling steeds uitgebrei en ontwikkel word — waarvoor die Departement Semitiese Tale en Kulture finansiële steun gaan nodig hê. "Dit was altyd 'n lewende en groeiende versameling en dit moet ook voortaan so wees." □

Heel bo: Prof. Claassen by 'n deel van die Fensham-boekery in prof. Fensham se eertydse kantoor in die Ou Hoofgebou.

Bo: Prof. Hannes Olivier (links) van die Kweekskool by nog 'n deel van die versameling, in die studeerkamer van prof. Fensham se huis. Regs is prof. Hermie van Zyl van die UOVS se teologiefakulteit. 'n Deel van die versameling is aan daardie instansie bemaak.

Prof. Bernard Lategan (naaslinks) van die Departement Bybelkunde, en hoof van die Sentrum vir Kontekstuele Hermeneutiek in Suider-Afrika, saam met proff. Bethel Müller, dekaan van teologie, Mike de Vries, Rektor en Vise-kanselier, en Hennie Rossouw, Vise-rektor: Akademies, met die bekendstelling van 'n nuwe publikasie deur dié US-navorsingsentrum. Proff. Müller en Lategan het saam met elf ander mense bydraes gelewer vir die publikasie, getitel Into Africa; Afrikaners in Africa reflect on "coming home."

IN MEMORIAM

Matieland het met leedwese verneem van die heengaan van die volgende Oud-Maties, Maties en andere wat 'n verbintenis met die Universiteit gehad het:

Prof. W.J. (Willie) van der Merwe (83) van Stellenbosch; 'n Oud-Matie, afgetrede dekaan van Teologie en eregraduandus van die US; wat as sendeling en sendingwetenskaplike diep spore getrap het.

Nadat hy op Stellenbosch afgestudeer het, behaal hy in 1934 'n doktorsgraad aan die Hartford-seminarie in Amerika en vestig hom as NG Kerk-sendeling in Masjonaland (destydse Suid-Rhodesië) waar hy vir 24 jaar gewerk het, en hoof van die teologiese skool op Morgenster asook hoof van die kerk se sending in dié land geword het.

Gedurende 1959-'74 was hy professor in sendingwetenskap aan die US en dien verskeie termyne as dekaan van teologie. Ná sy aftrede was hy vier jaar rektor en heeltydse dosent aan die teologiese skool op Orumana (Namibië). Hy was ook deeltyds aan die Universiteit van Wes-Kaapland en die Hugenote-kollege op Wellington verbonde.

Prof. Van der Merwe het talle boeke geskryf, waarvan verskeie in 'n aantal tale vertaal is. Hy het 'n leidende aandeel in die ordening van die US-Kweekskool se sendingmuseum gehad. In 1985 het die Universiteit 'n eredoktorsgraad aan hom verleen.

Prof. J. du P. ("Canis") Scholtz (89) van Kaapstad, 'n Oud-Matie wat in 1917 aan die Victoria-kollege begin studeer het, BA (1919) en MA (1920) aan die US behaal het en in die Afrikaanse Taaljaar, 1975, 'n eredoktorsgraad van die Universiteit ontvang het. Hy was afgetrede professor in Nederlands en Afrikaans aan die Universiteit van Kaapstad, waar hy feitlik sy hele loopbaan, sedert 1934 tot 1965, gewerk het.

Gedurende 1924-'31 studeer hy vir twee lang tydperke in Nederland. Sy doktorale proefskrif aan die Universiteit van Utrecht is in 1939 as sy eerste boek, *Die Afrikaner en sy taal 1806-1875*, uitgegee. Slegs twee jaar later het sy tweede boek, 'n leksikologiese studie oor die naamgewing aan plante en diere in Afrikaans, verskyn. Gedurende 1963-1980 publiseer hy 'n aantal belangrike werke oor die taalkunde.

As kunskenner en -versamelaar van formaat het hy ook verskeie studies oor Suid-Afrikaanse kunstenaars gepubliseer, o.m. oor Strat Caldecott (1970), 'n monografie oor D.C. Boonzaier en Pieter Wenning (1973) asook 'n boek oor Moses Kottler (1976). Hy het een van die waardevolste en omvattendste private kunsversamelings in die land opgebou — altesaam 310 werke van Suid-Afrikaanse, Europese en eksotiese kunswerke — wat deur nalatenskap aan die US oorgedra is. Dit sal vanaf 1991 in die Universiteit se nuwe kunsmuseum vir die publiek uitgestal word. (Berig hieroor in *Matieland* 2:89).

In 1943 het die SA Akademie die eerste Hertzogprys vir wetenskaplike prosa, en



Prof. Willie van der Merwe.

Prof. "Canis" Scholtz.

in 1970 die eerste Langenhoven-prys vir Afrikaanse taalwetenskap aan prof. Scholtz toegeken. Hy is in 1965 deur Suid-Afrikaanse en Nederlandse kollegas met 'n feesbundel gehuldig. In 1974 ken die Akademie die eerste Stalsprys vir Kunsgeskiedenis aan hom toe. Ook die UOVS het 'n eredoktorsgraad (1985) aan hom toegeken en hy het eretoekennings van die Kaapse Drie-Eeue-Stigting ontvang.

Dr. S.P.D. le Roux (67) van Koffiefontein; beter bekend onder sy skrywersnaam, **Etienne Leroux;** 'n Oud-Matie wat in die veertigerjare BA en LL.B. aan die US behaal het en in 1987 'n eredoktorsgraad van sy alma mater ontvang het. Ook die universiteite van Natal en die OVS het eredoktorsgrade aan hom verleen. Hy het twee keer die Hertzogprys vir prosa ontvang, vir *Sewe dae by die Silbersteins* (1964) en *Magersfontein, o Magersfontein* (1979). Laasgenoemde is ook bekroon met die CNA-prys (1976) wat reeds in 1964 vir sy roman *Een vir Azazel* toegeken is. In 1981 is hy vir *Tussengebied* (lesings en artikels) met die Perskorprys bekroon. Met sy dood het hy aan sy twaalfde roman, *Die kaping*, gewerk.

Hy was die seun van 'n destydse minister van landbou en 'n peetseun van C.J. Langenhoven. Na sy studentejare het hy as prokureur gewerk voordat hy hom as boer op 'n deel van die familieplaas by Koffiefontein gevestig het. In 1955 debuteer hy met *Die eerste lewe van Colet*, een van die heel vroegste werke wat tot die sg. beweging van Sestig in die Afrikaanse letterkunde gereken kan word. Van sy werke is vertaal en wyd oorsee gelees.

Prof. J.H. (Johann) Visser (59) wat sedert 1979 hoogleraar in Botanie (plantfisiologie) aan die Universiteit was. Hy het hom veral op die navorsing van parasitiese blomplante toegespits en het 'n leidende rol gespeel in 'n groep van internasionale navorsers wat dié plante bestudeer het. Daarby het hy 'n breë kennis van verskillende aspekte van plante gehad, en het nou saamgewerk met vakgenote by die Universiteit van Kiel, Wes-Duitsland.

Vanweë sy aktiewe navorsingsbelangstelling het hy 'n groot getal nagraadse studente getrek, en jaarliks ruim finansiële steun van private instansies asook die WNNR ontvang. Hy het twee boeke en talle vaktydskrifartikels gepubliseer en was 'n vorige president van die SA Genootskap van plantkundiges.

Nadat hy in die vyftigerjare aan Unisa en die PU vir CHO gestudeer het, het hy in 1961 'n doktorsgraad in Göttingen, Wes-Duitsland, verwerf. Hy was aan die Departement Landbou en die WNNR verbonde, en was senior lektor aan die Universiteit van Pretoria (1972-'79) voordat hy aan die US aangestel is.

Dr. J.H. (Hantie) du Toit (gebore Engelbrecht) (53) van Stellenbosch, lektrise in die Departement Menslike Bewegingskunde; 'n Oud-Matie wat al haar akademiese kwalifikasies, insluitende 'n doktorsgraad in 1987, aan die US behaal het; en wat as dinamiese sportafrigter en -administrateur netbal op skole-, klub-, provinsiale, nasionale en internasionale vlak gedien het.

Reeds as tweedejaar-Matie in die vroeë vyftigerjare het sy vir die US en WP gespeel, en was sy die US-netbalklub se voorsitter. Vanaf 1958 was sy vir 30 jaar die klubafrigter — die laaste 16 jaar ook as presidente. In dié dekades het die klub 'n bloeitydperk beleef.

Sy het ook die Van der Stel-netbalklub op Stellenbosch vir tien jaar afgerig en was die stigter van die Wynland-netbalunie; het talle nasionale kursusse gelei, was vir 'n dekade in die SA keurkomitee (ook as sameroeper); het die Springbokspan vir 1981 se SA Spele afgerig; het as nasionale skeidsregter oor 'n ere-A-gradering beskik; het Brittanje in 1981 namens die SA Netbalvereniging besoek om afrigting te bestudeer; is met die Staatspresident se sport-merietetoekenning (1978) vereer; was o.m. die skrywer van 'n netbal-afrigtersboek wat in albei landstale verskeie kere herdruk is; en het ook vir 11 jaar in die Bolandse tenniskeurkomitee gedien.

Haar man, Oud-Matie mnr. John du Toit, is aan die US se Afdeling Sport en Ontspanning verbonde.

Dr. J.C.J. (Fire) van Vuuren (87) van Stellenbosch; 'n afgetrede Kaaplandse skole-inspekteur; wat BA, B.Ed. en HOD in die twintigerjare en D.Ed. in 1945 op Stellenbosch behaal het; 'n oud-inwoner van die destydse US-koshuis Macdonaldhuis asook oud-SR-lid en destydse Intervarsity-dirigent.

Hy was onderwyser op Dordrecht, Villiersdorp en George; skoolhoof op Groot-Brakrivier en Dordrecht; onderwysinspekteur in Noord-, Oos- en Suidwes-Kaapland; het na sy aftrede in die Kleurlingonderwys-departement gewerk; en was die skrywer van verskeie skoolhandboeke. Sy vrou, Magda (Lötter), is ook 'n Oud-Matie.

Prof. P.C. (Pierre) Haarhoff (51), hoof van die departement meganiese ingenieurswese aan die Universiteit van Pretoria, wat in 1976 'n doktorsgraad in die ingenieurswese aan die US behaal het. Hy het voorheen op Potchefstroom en aan die Universiteit van Pretoria gestudeer, reeds in 1961 sy eerste doktorsgraad behaal, en ook aan die Universiteit van Cambridge gestudeer.

Vanaf 1971 was hy bestuurder vir fisiese wetenskappe by die Raad op Atoomkrag. In 1977 is hy aan die UP aangestel. Hy was die skrywer of medeskrywer van 'n 50-tal vertroulike en sowat 30 ander vakkundige publikasies. Die Havenga-prys vir fisika is in 1979 aan hom toegeken.

In 1984 was hy 'n mede-wenner van die SA Instituut van Chemiese Ingenieurswese se merieteprys. Sy debuutbundel kortverhale, *Uit 'n ander wêreld,* is verlede jaar met die Eugene Marais-prys bekroon.

Mnr. J.B. Pauw (73) van Mosselbaai, wat BA (1937), SOD (1938) en M.Ed. (1951) behaal het, is vroeër verlede jaar oorlede.

Mnr. J.T. (Kowie) du Toit (69) van die Strand, wat BA (1939) en SOD (1940) behaal het; 'n oud-Dagbreker wat vir die Maties eerstespan-tennis gespeel en Boland ook jare verteenwoordig het. Nadat hy Engels-onderwyser (o.m. op Caledon) was, was hy 'n dosent aan die Opleidingskollege Graaf-Reinet, onderhoof op Albertinia en skoolhoof van die Hoërskool Wittedrif.

Mnr. P.F. (Pierce) Newton-King (55) van Somerset-Wes, wat BA (1954) behaal het. Hy was 'n vennoot van 'n Kaapstadse prokureursfirma en 'n direkteur van 'n aantal ondernemings, hoofsaaklik aan die Rand; en 'n lid van die Stellenbosse afdelingsraad voordat dit afgeskaf is.

Mnr. A.P. (Assie) du Toit (74) van Kuilsrivier, wat B.Sc., M.Sc. en HOD (1935-'37) behaal het. Hy was superintendent van onderwys in Noord-Kaapland gedurende 1969 tot 1973, nadat hy voorheen hoof van die hoër skole Pofadder en Kalahari was.

Ds. P.L. (Pieter) Cilliers (80) van Kaapstad, wat in die dertigerjare op Stellenbosch afgestudeer het. Voor sy aftrede in 1973 was hy 14 jaar lank leraar van die NG gemeente Paarl-Vallei. Voorheen was hy leraar op onder meer



Etienne Leroux.

Joubertina, Riversdal, Zastron en Barrydale. Sy vrou, wat 'n nooi Van Huyssteen was, is ook 'n Oud-Matie.

Dr. N.J. Viljoen (82) van Tongaatstrand, wat B.Sc. in 1926 behaal het.

Mnr. O.S. Heyns (73) van Zastron, wat B.Sc. Agric. in 1937 behaal het.

Dr. G. Myburgh (37) van Victoria-Wes, wat M.B.Ch.B. in 1976 behaal het.

Mnr. J.J. Hendrikse (84) van Brandvlei, wat B.Sc. Agric. in 1928 en HOD (1932) behaal het. Hy was onderwyser op Pofadder en Keimoes. Na sy aftrede in 1966 het hy by Brandvlei geboer.

Mnr. D.J. (John) Malan (79) van die Paul Roux-distrik, wat BA (1931) en LL.B. (1933) behaal het; 'n oud-Dagbreker; wat in sy studentejare vir die Maties en WP rugby gespeel het. In 1934 is hy as advokaat toegelaat en dien 'n aantal jare as registrateur van die Hoofregter. Vanaf 1929 praktiseer hy as prokureur op Parys en vir 29 jaar op Vereeniging. Hy was Vereeniging se burgemeester in 1955 en het ook as skeidsregter en voorsitter van die Suid Transvaalse rugby-subunie gedien. Sedert sy aftrede in 1971 het hy geboer.

Mnr. P.J. (Jan Pan) du Preez (80) van Ficksburg, wat B.Sc. Agric. in 1930 behaal het en sedertien by Ficksburg geboer het, wat deur die jare 'n leiersrol in boerdery-aangeleenthede gespeel het; ook vir die Vrystaat polo gespeel het en 'n OVS-keurder vir dié sport was.

Mnr. L.R.N. (Louis) Botha (40) van Stellenbosch, wat B. Ing. (1976) behaal het, 'n meestersgraad in 1983 aan die Virginia Poly-Technic Institute and State University in die VSA behaal het en gedurende 1988-'89 weer aan dié inrigting verbonde was. Hy was 'n ingenieur by Somchem, Somerset-Wes, Sy vrou, Amanda (Scheffler), is ook 'n Oud-Matie.

Mnr. M.A. (Marius) Visser (70) van Ventersdorp, wat in die veertigerjare aan die US gestudeer het.

Mnr. R.J.N. Britz (76) van Welkom, wat BA (1933) en LL.B. (1935) behaal het.

Mnr. J.H. Graafland (55) van Durbanville, wat B.Comm. (1960) en 'n honneursgraad (1963) verwerf het.

Prof. Johan Visser.

Dr. Hantie du Toit.

Mnr. R.P. de Kock (56) van Klerksdorp, wat BA (1959) behaal het.

Mnr. G.J. Malan (61) van Faerie Glen, Pretoria, wat BA (1950) behaal het.

Mnr. F.R. de Villiers (70) van Quigney, Oos-Londen, wat BA (1936) behaal het.

Mnr. P.S. du Plessis (72) van Ermelo wat BA (1937) behaal het.

Mnr. A.J. Moll (33) van Irene, →

Elke Oud-Matie se lojaliteit is nodig

Die steun en lojaliteit van iedere oud-student is van wesentlike belang vir die sinvolle voortbestaan van 'n universiteit. Dit is allernoodsaaklik want sonder die daadwerklike ondersteuning van sy oud-studente sal enige universiteit spoedig kwyn om naderhand bloot 'n stryd om oorlewing te voer.

Die Universiteit van Stellenbosch het nog altyd die belangrikheid van sy oud-studentekorps besef en waardeer. Hy was ook nog altyd baie trots op en dankbaar vir die oorweldigende lojaliteit van die deursnee-Oud-Matie.

Terloops, hierdie tradisionele kenmerk is wyd en ver bekend. Onlangs nog het 'n rektor van 'n Engelstalige universiteit op 'n saamtrek van oud-studente van sy universiteit met verwondering verwys na die lojaliteit van die oud-studente van die Universiteit van Stellenbosch en onomwonde verklaar dat dit 'n nastrewenswaardige voorbeeld is!

Dit is onteenseglik so dat die naam *Oud-Matie* seker een van die bekendste is vir 'n oud-student van 'n spesifieke universiteit en die alumni van die US is baie trots hierop.

Waar die drumpel van die jare negentig pas oorgesteek is, is dit vir die US en veral vir sy Afdeling Openbare Betrekkinge (die "ou" Departement Ontwikkeling en Skakeling funksioneer sedert begin vanjaar in twee afdelings, t.w. Openbare Betrekkinge en die US Stigting, elk met 'n direkteur aan die hoof) absoluut noodsaaklik dat kontak met oud-studente behou word.

Die middel tot dié doel is natuurlik die Oud-Matiebonde wat oor die lengte en breedte van die land aangetref word — op en wakker oud-studente wat op onbaatsugtige wyse hulp aan die Alma Mater verleen.

Terloops, daar is pas melding gemaak van Oud-Matiebonde — talle oud-studente het in die onlangse verlede laat weet dat hulle dié naam graag meer in gebruik sou wou sien en hoor.

Oud-Matiebonde dateer sover terug as 1930 toe oud-studente bymekaargekom en organisasies gestig het wat daarop gemik was om die blywende band met die Alma Mater te behou. In die *Stellenbosse Oud-Student* van September 1931 lees ons dat "die Oud-Matiebond bestaan uit alle geregistreerde lede oor die hele land versprei", en in die uitgawe van April 1932 van dieselfde publikasie staan dat "elke oud-student van die Victoria-Kollege of van die Universiteit van Stellenbosch is ipso facto lid daarvan."

Oor dekades heen het die Oud-Matiebonde oneindig veel gedoen om te smee aan die innige en hegte band tussen die US en sy oud-studente — daardie *iets*, daardie onbeskryflike *iets* wat nog altyd tussen "ons onsterflike moeder" (soos Langenhoven na Stellenbosch verwys het) en die oud-student bestaan het.

Oud-Maties gee nooit finaal pad nie. Die gees — wat anders kan 'n mens dit noem? — van Stellenbosch penetreer te diep. Hulle kom altyd terug. Die bergspitse, kabbelende waterstroompies, die naasbestaan tussen verlede en hede in Van der Stel se groen vallei, die glorie van die jeug, 'n stukkie onoortreflike en onvergeetlike lewe — dit bly die Oud-Matie altyd by, dwarsdeur sy hele lewe . . .

Die noodsaaklikheid van 'n goed georganiseerde oud-studentekorps kan nie sterk genoeg benadruk word nie. Oud-Matiebonde is belangrik omdat hulle:

- 'n brug tussen akademiese aanbod en gemeenskapsbehoefte vorm;
- waak oor die belange van die Alma Mater;
- die Universiteit se beeld bevorder;

→

Transvaal, wat B.Sc. Agric. (1981) behaal het en 'n oud-Simonsberger was.

Dr. D.H. le Clus (68) van Nahoon, Oos-Londen, wat in die vroeë veertigerjare aan die US gestudeer het.

Mnr. R. Coetzee (84) van Bellville, wat BA (1925) en SOD (1927) behaal het.

Mnr. D.R. de Wet (82), wat in 1967 as sekretaris van bosbou afgetree het en na wie die hoof-voorlesingsaal in die Universiteit se P.O. Sauer-gebou (Fakulteit Bosbou) vernoem is; 'n oud-Tukkie wat ook in Nederland gestudeer het.

Prof. R. du. T. Burger (60) van Bloemfontein; wat B.Sc. Agric. (1949) en M.Sc. Agric. (1951) op Stellenbosch asook 'n doktorsgraad aan die Universiteit van Aberdeen, Skotland, behaal het; 'n oud-Wilgenhoffer. Hy het in die destydse Departement Landbou se Winterreënstreek gewerk voordat hy in 1958 senior lektor en eerste departementshoof van die grondkundedepartement aan die UOVS geword het. In 1960 het hy op 31-jarige ouderdom professor geword. Hy is oorlede slegs enkele weke voordat hy aan die einde van verlede jaar sou aftree.

Dr. G.R. Goosen (82) van die Strand, wat B.Sc. (1929), SOD (1930), M.Ed. (1940) en D.Ed. (1942) behaal het; 'n oud-SR-lid.

Prof. D.E. Nel (71) van Bloemfontein, wat BA (1939) en MA (1947) aan die US asook 'n doktorsgraad aan Unisa (1965) behaal het; 'n afgetrede dosent in geografie aan die UOVS, waar hy in die laat sestigerjare aangestel is. Voorheen was hy 'n onderwyser, asook 'n dosent aan Unisa, aan die US se Fakulteit Krygskunde op Saldanha en aan die Universiteit van Fort Hare.

Mnr. M.E. (Marius) Visser (60) van Ventersdorp, wat in die veertigerjare aan die US gestudeer het. Hy is reeds vroeër verlede jaar oorlede.

Mev. N.S.F. Küntzsch (gebore Willems) (35) wat B.Sc. (1984) en Hons.-B.Sc. (1985) behaal het.

Prof. R. du T. Burger.

Mej. Ashlene Vergotine (22), 'n B.Sc.-honneursstudent in fisiologie, wat kort voor die 1989-eindeksamen in 'n padongeluk dood is. Sy het reeds 'n pos as dosent aan die Universiteit van Wes-Kaapland aanvaar. Haar ouers is van Bellville.

Mnr. Paul Mario Prosch (26) van Windhoek, wat B.Comm. (1989) behaal het.

Mej. Wilma Oosthuyzen (21) wat verlede jaar BA verwerf het en vanjaar vir die LL.B.-graad sou gestudeer het, is vroeg in Januarie in 'n motorongeluk dood. Sy was onder meer primaria van Irene (1988) en ondervoorsitter van die Nusas-tak. Haar ouers is van Pretoria. □

Eeufeesmedaljes

'n BEPERKTE getal US-eeufeesmedaljes van egte silwer wat in 1966 met die 100-jarige viering van hoër onderwys op Stellenbosch deur die Universiteit uitgegee is, word nou aan versamelaars te koop aangebied. Die medaljes bevat 'n afdruk van die US-wapen aan die een kant, en van die eeufeesembleem (skets van die Ou Hoofgebou se fasade) op die keersy. Elke medalje is in 'n netjiese kunsleer-houer. R50 elk (geen AVB nie). Beskikbaar by: Afdeling Openbare Betrekkinge, Hoof-Administrasiegebou, Universiteit, Stellenbosch 7600.

• dien as ontginner van studentepotensiaal;
• 'n bron van positiewe beïnvloeding is;
• oud-studente in 'n hegte eenheid saamsnoer.

Een van die belangrikste middele waardeur skakeling met oud-studente bewerkstellig word, is natuurlik *Matieland.* Een van dié blad se hoofoogmerke was nog altyd om bande met oud-studente te verstewig en uit te bou. Die blad probeer om die oud-student ingelig te hou oor die Universiteit se doelwitte, sy beleidsrigtings, vooruitgang en struikelblokke, en op sy beurt kan die oud-student die Universiteit gereeld op hoogte hou van belangwekkende gebeurtenisse in sy of haar omgewing. Skryf aan: Die Redakteur, Matieland, Afdeling Openbare Betrekkinge, Universiteit, Stellenbosch, 7600.

Dit is die Afdeling Openbare Betrekkinge se strewe om elke oud-student op hoogte te hou van sake rakende die Universiteit, want 'n Oud-Matie kan alleenlik 'n ware ambassadeur en bondgenoot vir sy Alma Mater wees as hy oor die relevante kennis en inligting beskik.

Vermelde afdeling is daar om 'n diens aan Oud-Maties, donateurs en ouers te lewer. Aldus sal hy, benewens deur Matieland, ook deur sy skakelbeamptes en die Oud-Matiebonde oud-studente in kennis stel van saamtrekke en reünies van oud-studente wat beoog word, optredes deur die US-Koor, die simfonieorkes, atletiekbyeenkomste, tennistoernooie, en dies meer.

Geselligheide

Tesame met sulke optredes, wedstryde of byeenkomste, kan ook geselligheide vir oud-studente aangebied word waar hulle dan die geleentheid gebied word om met die Matie van die hede kennis te maak.

Die vier skakelbeamptes van die Afdeling Openbare Betrekkinge, wat met die oog op wedersydse kommunikasie met oud-studente, elk 'n deel van die land vir sy rekening neem, is:

• **Mnr. Dilatus Bosman** (☎ 011-7825569) — wat na die belange van Oud-Maties in Transvaal omsien. Sy adres is 5e straat 54, Linden, 2195 of Posbus 48898, Rooseveltpark, 2129.

• **Mnr. Haas Kruger** (☎ 02231—774640) — hy bring gereeld besoek aan oud-studente in die Vrystaat, Noord-Kaapland en Natal.

• **Mnr. Hannes de Jongh** (☎ 02231-774643) — skakelman vir die Oud-Maties in die SWD, langs die Weskus en in Namibië.

• **Mnr. Willie Louw** (☎ 02231-774929) — wat oud-studente in die Boland, Oos-Kaapland en die Skiereiland en omgewing besoek.

Indien Oud-Maties nog enige navrae oor ander aspekte rondom die US of aangeleenthede rakende oud-studente het, kan hulle met mnr. Johan Fechter, Direkteur: Openbare Betrekkinge, tel. 02231-774644 in verbinding tree. □

Reünie in Pietermaritzburg

BY die saamtrek van Oud-Maties wat laat verlede jaar in Pietermaritzburg gehou is, was (bo) Koot Nel, Baden Marlow, Franchere van der Merwe, Liese en Geurt Bloem en Jenny Nel. ONDER: Mieneke Collyer (heel links) en haar man, Reg (heel regs) by die Pietermaritzburg-saamtrek saam met Pierre en Erica le Roux.

Die reünie in Pietermaritzburg is ook bygewoon deur (bo) Pam Wilken, Elaine Scott, Annette en Dieter Reusch, en Rob en Lyn Moll; asook, ONDER: Izak Bezuidenhout, Wilfred Jonckheere, Febbie Day, Liz van der Berg, Jannie Wilken en Pierre le Roux.

Gholf-kragmeting in Natal

NATALSE Oud-Maties het in November verlede jaar in 'n gholftoernooi by die Hulettsbuiteklub teen oud-studentespanne van drie ander universiteite, Pretoria, Oranje-Vrystaat en Natal, te staan gekom. Natal se oud-studente het gewen met die Oud-Maties en -Tukkies saam tweede. Hier ontvang Pete Smith (links), 'n Oud-Matie wat vir Natal gespeel het en hul kaptein was, die Volkskas-wentrofee van Rein Keulder (wat saam met Poenie Holm die toernooi gereël het). Regs is Herklaas Ferreira.

Saamtrek by Bloemfontein

OUD-MATIES van Bloemfontein het verlede jaar 'n saamtrek op die plaas Brandkop buite dié stad bygewoon. Links bo is Joan van Lill en haar man, dr. Japie van Lill, Marietjie Vermaak, prof. Aylwa Schoch en sy vrou, Magdaleen. Links onder: Skroef en Magda Schoewers, en Lilian en Jan van Vuuren.

Onder: Ook by die Bloemfonteiners se saamtrek was agter, Dilatus en Suzette Bosman (hy is van die US se kantoor in Johannesburg), Gerrit Nordier en Harold Terblanche. In die middel sit Myrna Nordier, Reinette Meiring, Robert Andrew, Erika Terblanche, Kiewiet en Eleanor van der Westhuizen. Voor is Haas Kruger (van die Afdeling Openbare Betrekkinge, US, Stellenbosch) asook Kowie van Vuuren.

Mnr. Willem Lubbe (links) het as voorsitter van die Stellenbosch-direksie van United Bank 'n jaarlikse skenking vir Stellenbosch 2000 aan mnr. Andries van Tonder, direkteur van Finansies en Dienste, oorhandig.

Gedenkplaat onthul

Mevv. Una Ramsay (naaslinks) en Ingrid Pickard (naasregs), dogters van wyle dr. T.E. Dönges, toe 'n gedenkplaat onthul is ter vernoeming van die ou Bloemhof-gebou tot die Eben Döngessentrum, wat die U.S. se kuns-en kultuurhistoriese versamelings sal huisves. By hulle is mnr. Paul Kruger, besturende direkteur van Sasol ('n skenking van Sasol maak die herinrig van die gebou moontlik), dr. David de Villiers, voorsitter van die US-raad, wat die gedenkplaat onthul het, prof. Mike de Vries, Rektor en Vise-kanselier, en dr. Jan van der Horst, Kanselier.

4 mede-studente van 1980 kry doktorsgrade oorsee

VIER OUD-STUDENTE van die Departement Toegepaste Wiskunde wat in een stadium, in 1980, almal gelyktydig op Stellenbosch gestudeer het, het al vier verlede jaar doktorsgrade in die buiteland verwerf. Drie is vroue: drr. Esbeth van Dyk, Elsbeth Dixon en Marinelle Basson, wat al drie hul doktorale studies in Brittanje voltooi het. Die vierde een, dr. Gys Wessels, het 'n doktorsgraad in Amerika behaal.

Dr. Basson, wat in 1980 met 'n B.Sc.-honneursgraad in operasionele analise aan die US afgestudeer het, se Ph.D.-graad is deur die Universiteit van Londen toegeken. Verlede jaar het sy in Amerika en Tasmanië opgetree in verband met die werk waaroor sy haar doktorale navorsing gedoen het. Sy is tans verbonde aan 'n navorsingsgroep van die Imperial-kollege in Londen.

Reeds op skool het sy gepresteer deur as leerling aan die Stellenbosse Hoër Meisieskool Bloemhof die sewende beste plek in die Kaaplandse Onderwysdepartement se matriekeindeksamen te beklee.

Dr. Wessels het in 1980 met M.Sc. in toegepaste wiskunde op Stellenbosch afgestudeer. Die promotor vir sy doktorsgraad aan die Colorado School of Mines was prof. Gene Woolsey, 'n vorige president van die Amerikaanse "Institute for Management Science", wat veral bekend geword het vanweë sy indrukwekkende redakteurstermyn van die operasionele navorsingstydskrif *Interfaces*. Prof. Wooley is 'n flambojante man wat Suid-Afrika — en ook Stellenbosch — al verskeie kere besoek het en soveel in die land belangstel dat hy Afrikaans aangeleer het.

Dr. Wessels het verlede jaar nie net die prys vir die beste student in sy groep aan die Colorado School of Mines verwerf nie, maar die Operasionele Navorsingsvereniging van Suid-Afrika se medalje vir die beste werk in dié studieveld in 1989 in Suid-Afrika is ook op grond van sy proefskrif aan hom toegeken. Hy werk nou by die Instituut vir Sisteemanalise in Pretoria. Sy vrou, Marietjie (Haupt), is ook 'n Oud-Matie wat B.Verpleegkunde en 'n honneursgraad in sielkunde aan die US behaal het.

Dr. Dixon het in 1983 met 'n B.Sc.-honeursgraad in operasionele analise aan die US afgestudeer. Sy het haar doktorsgraad aan die Universiteit van Cambridge behaal. 'n Artikel, gegrond op haar doktorale navorsing, het verlede jaar in 'n hoog aangeskrewe vaktydskrif, *Journal of the Operational Research Society*, verskyn.

In 1983 het sy saam met dr. Van Dyk die Wes-Kaaplandse tak van die Operasionele Navorsingsvereniging van SA se prys vir die beste aanbieding van 'n studenteprojek verwerf. Dit het oor die bedryf van silo's by Richardsbaai gehandel. Voordat sy in die buiteland gaan studeer het, het sy in die US se Instituut vir Bedryfsingenieurswese oor die optimering van die vervoerpatroon van mielies in Suid-Afrika navorsing gedoen.

Dr. Dixon het teen die einde van verlede jaar Suid-Afrika toe teruggekom en getrou met dr. Roger Gibson, 'n Suid-Afrikaner wat in 1984 ook by Cambridge 'n doktorsgraad (in geologie) verwerf het.

Dr. Van Dyk, wat in 1985 M.Sc. in operasionele analise en daarna ook 'n nagraadse diploma in bedryfsingenieurswese op Stellenbosch behaal het, se Ph.D.-graad is aan die Universiteit van Sussex behaal. Haar promotor, prof. Pat Rivett, is een van Brittanje se bekendste operasionele navorsers. Van haar werk is in 1988 by 'n internasionale konferensie in Manchester voorgedra.

Voor sy vir haar doktorale studie oorsee is, was sy in 1986 'n deeltydse dosent in toegepaste wiskunde aan die US. Sy doen nou operasionele navorsing by Ciba-Geigy in Basel, Switserland. □

Dr. Basson.

Dr. Wessels.

Dr. Dixon.

Dr. Van Dyk.

Proff. Kapp en Cawood met die bekendstelling van die nuwe boek oor leierskap.

Dosente skryf oor leierskap

PROF. Chris Kapp, direkteur van die Buro vir Universiteits- en Voortgesette Onderwys (BUVO), en prof. Chimpie Cawood, hoof van die Departement Didaktiek, is die medeskrywers van *Dinamiese leierskap: Riglyne vir jong leiers,* wat teen die einde van verlede jaar verskyn het.

Dit is veral op skool-leerlingleiers gerig. Die skrywers het sowat twee jaar aan die nuwe boek gewerk. Albei is reeds die afgelope 12 jaar by opleidingseminare vir die hoofprefekte van Kaaplandse hoër skole betrokke — prof. Cawood as projekleier en prof. Kapp as medeleier.

Volgens die twee skrywers will hulle met die boek 'n bydrae tot die leierskapontwikkeling van potensiële, verkose en genomineerde leerlingleiers lewer. Die werk bevat riglyne vir elke jong mens wat in 'n leierskapsposisie is.

Die boek bestaan uit twee dele. In die eerste, oor die teorie van leierskapontwikkeling, word aspekte soos die kennis en vaardighede wat vir leierskap nodig is asook die implikasies daarvan om 'n leier te wees, bespreek. Deel twee, oor praktiese aspekte, handel onder meer oor prefek- en leerlingrade, koshuisprefekte, sport- en klaskapteins en verenigingsleiers. □



Mnr. Ackerman en dr. Cilliers.

Nuwe handleiding vir studiesukses

Twee dosente van die Departement Opvoedkundige Sielkunde, mnr. Chris Ackerman en dr. Charl Cilliers, het onlangs 'n boek die lig laat sien wat 'n belangrike bydrae tot groter studiesukses en beter prestasie by skoliere kan lewer.

Leer studeer en presteer: 'n praktiese handleiding vir die skolier, ouer en onderwyser voorsien in 'n behoefte wat algemeen by skoliere bestaan, onder andere omdat die meeste van die werke wat op dié gebied beskikbaar is, veral op naskoolse studente gerig is.

Hooftemas wat onder bespreking kom, is konsentrasieprobleme, studiegewoontes, die leerling se houding teenoor sy studie, die fisiese studie-omgewing, die heersende studieklimaat asook wetenskaplike leer- en studiebeginsels, -metodes en -tegnieke. Die laaste hoofstuk word aan eksamenvoorbereiding en wenke vir die skryf van 'n eksamen gewy.

'n Belangrike uitgangspunt is dat studie veel meer as goeie studiemetodes behels, en vandaar die aandag ook aan ander kernfasette soos studiehoudings, -gewoontes, -omgewing en -klimaat.

'n Ander uitgangspunt is dat studie 'n noodwendige vennootskap tussen leerling, onderwyser en ouers impliseer, en daarom rig die skrywers hulle aan die einde van elke hoofstuk spesifiek tot die onderwyser en die ouer. Implikasies van wat in die betrokke hoofstuk aan die orde was, word dan aan dié twee belangrike "vennote" uitgewys.

Leer studeer en presteer is 'n praktiese handleiding wat wetenskaplike opvoedkundige beginsels in hanteerbare en verstaanbare taal aanbied — op so 'n manier dat leerlinge in die sekondêre skool dit onafhanklik kan deurwerk en toepas. Onderliggende teorie word in praktyk gestel, byvoorbeeld deur kort vraelyste, praktiese voorbeelde en illustrasies.

In dié verband is 'n verdere kenmerk van die boek die informele styl en persoonlike aanslag waardeur die leser direk aangespreek word. As sodanig is dit 'n voorbeeld van die praktiese toepassing van wetenskaplike kennis vir die breë publiek, en met die oog daarop is die manuskrip voor publikasie aan verskeie skoliere, onderwysers en ouers vir kommentaar voorgelê.

Die illustrasies deur die spotprenttekenaar Fred Mouton dra by tot die aantreklike voorkoms van die boek en die opheldering van die teks. □

Groep neem US-vlag tot op Sjinese Groot Muur

Die Groot Muur van Sijna is seker die onwaarskynlikste plek waar 'n US-vlag al ooit gepryk het! Maar dit is presies waarvoor 'n groep Oud-Maties gesorg het toe hulle die einde van verlede jaar die sonderlinge eer kon hê om Rooi Sjina te besoek.

Hulle was in 'n studiegroep van die Universiteit se Botaniese Tuin wat onder leiding van sy senior kurator, mnr. Wim Tijmens, deur die Volksrepubliek van Sjina gereis het. Die groep het van die heel eerste Suid-Afrikaanse paspoorthouers ingesluit wat in dié kommunistiese land toegelaat is.

Onder die 19 toerlede was verskeie Oud-Maties, insluitende drie afgetrede US-dosente, prof. Isabelle Nel en dr. Beatrice Wiid, albei van die Departement Menslike Bewegingskunde, asook mej. Betsie Cluver (Musiek).

Die groep het per vliegtuig, boot en trein gereis — en die Suid-Afrikaners moes hul visums gedurig aan die ondersoekbeamptes toon. Soms het die Sjinese amptenare ontken dat besprekings gedoen is, wat baie moeite, gewag en geduld geverg het voordat die toer weer op dreef was. Regerings-toerleiers moes hulle oral vergesel.

In een stadium het die toergroep op 'n lughawe met kaartjies gewag vir 'n vliegtuig wat nie eens geskeduleer was om op te daag nie. Alternatiewe reëlings moes dus getref word. Sulke probleme het nogtans nie die interessante toer bederf nie, sê mnr. Tijmens.

Onverwagse hulp het ook gekom van die Nederlandse ambassadeur in Beijing, dr. Roland van den Berg, wat deure help oopmaak het toe een van die toerlede baie ernstig siek geword het en dringende behandeling moes ontvang. Dr. Van den Berg, wie se pa, wyle dr. Jan van den Berg, jare gelede 'n gesant in Suid-Afrika was, het selfs 'n onthaal vir die toergroep by sy ampswoning aangebied.

Die groep het die Groot Muur by Mutianyu, ongeveer 120 km van Beijing af, bestyg. Dit is nie op 'n plek waar toeriste gewoonlik die muur besoek nie. Die perskebloeisels en wilgers daar was asemberowend mooi. En die muur is 'n belewenis om te aanskou, vertel mnr. Tijmens.

Dit is sowat vyf meter hoog en kronkel 6 400 km oor berge en deur valleie. Die keiserlike leërs kon in gelid daarop marsjeer, want dit is die breedte van 'n pad. Dit is blykbaar die enigste mensgemaakte struktuur wat vir die Amerikaanse ruimtereisigers van die maan af sigbaar was.

Bo-op die muur het die Oud-Maties 'n groot US-vlag wat by die Universiteit geleen is, oopgevou en rondgedra.

Hoewel die Beijing-onrus reeds verby was, moes die toergroep spesiale permitte kry om die stadsplein waar die studentebetogings was, te besoek. Vir die besigtiging van Mao Zedong se praalgraf moes hulle meer as 'n kilometer tou staan.

Hulle het die pragtige paleis van die keisers besoek – 'n deel van die Verbode Stad wat wel vir besoekers toeganglik is. Daar kon hulle die reuse-skerm sien waaragter die laaste seunskeiser se ma gesit het om sy hofoptrede te lei (soos in die onlangse rolprent "The last emperor" weergegee is).

'n Reis is ook onderneem na Xian, om te kyk na die lewensgrootte terracottabeelde van 'n hele keiserlike leër wat 'n tyd gelede daar ontdek en toe met sorg gerestoureer is. By die grens met Tibet het hulle die berg Omei Shan, 'n Boedhistiese heiligdom waar min buitelanders toegelaat word, besoek.

Omdat dit hoofsaaklik 'n botaniese studietoer was, kon daar van die gewone toeristeroetes afgewyk word. Hulle is toegelaat om deur die westelike deel van díe groot, fassinerende land met sy meer as 1,1 biljoen mense en duisende jare ou geskiedenis te toer.

By botaniese institute is hulle uiters hoflik ontvang. Mnr. Tijmens het verskeie belangrike publikasies van die Beijing-universiteit verkry, en is genooi om die universiteit in September vanjaar weer te besoek en lesings aan te bied.

Onder die belangrikste inheemse plante wat hulle kon sien, is die *Metasequoia glyptostroboides* (ook bekend as die fossielboom van Sijna) waarvan daar 'n grote — geplant teen 1930 – in die US se Botaniese Tuin groei. Baie plante wat in Suid-Afrika gekweek word, soos die hortensia (krismisroos) en verskeie leliesoorte, groei wild in Sjina.

Hoewel die Rooi Sjinese regering kontak met die buitewêreld beperk, is die land nie agter op plantkundegebied nie. Hulle is ver gevorderd met die studie van plante as alternatiewe medisyne, vertel mnr. Tijmens. □

Mnr. Tijmens (links) en van die Oud-Maties met die US-vlag op die Groot Muur.

Straszacker word 80

'n Groep oud-studente en vriende van oud-professor Reinhardt Straszacker - wat in die vroeë veertigerjare as een van die eerste hoogleraars in die ingenieurswese op Stellenbosch aangestel is - het in Februarie vanjaar 'n funksie by die Pretoria-buiteklub aangebied om sy 80ste verjaardag te vier.

Nadat dr. Straszacker in 1929 by Wits afgestudeer het, behaal hy 'n doktorsgraad in die ingenieurswese in Berlyn en word as 'n dosent by Wits aangestel. Met die instelling van ingenieurstudie aan die US word hy as senior lektor aangestel en word in 1943 tot die eerste professor in "werktuigkundige" ingenieurswese bevorder.

Hy het in 1962 sy professoraat neergelê om Eskom se voorsitter te word. Dié pos het hy tot sy aftrede 18 jaar later beklee. Vir baie jare het hy ook onder meer in die rade van die WNNR en die Buro van Standaarde en as die RAU-raad se voorsitter gedien.

Dit was "voorwaar 'n vol lewe van diens aan Suid-Afrika, as 'n leierfiguur van bekwaamheid en toewyding," het mnr. Walter Lutsch, wat lank op Stellenbosch 'n mede-dosent van dr. Straszacker was, in 'n huldigingswoord by die verjaardagfunksie in Pretoria gesê. □

MA-kursus 'n treffer

HOE MEET 'n mens 'n nuwe kursus se impak? Dié vraag ontstaan in die vyfde jaar waarin die Departement Algemene Taalwetenskap sy M.A.-kursus vir die taalprofessies aanbied.

'n Eerste maatstaf vir 'n kursus se trefkrag is uiteraard die getal mense wat dit graag wil volg. En sedert 1986 was daar nie minder as 508 mense wat formeel om toelating tot dié M.A.-kursus aansoek gedoen het nie. Hulle kom uit sowat alle taalprofessies, alle bevolkingsgroepe, alle taalgroepe en alle dele van die land.

Daar is egter 'n tweede, belangriker, maatstaf vir die trefkrag en invloed van 'n kursus: die getal dosente wat die kursus volg en wat inhoude daaruit verder kan versprei. Hiervolgens is Stellenbosch se M.A.-kursus vir die taalprofessies 'n ware wenner. In die afgelope vyf jaar het 'n volle 79 dosente die kursus gevolg. En hulle was verbonde aan 43 verskillende tersiêre inrigtings:

- 16 universiteite: US, Unisa, Durban-Westville, UOVS, Transkei, UP, Vista, WITS, Universiteit van die Noorde, UWK, Natal, Venda, Namibia, UK, PU vir CHO, en Unizulu.
- 16 onderwyskolleges: Springfield, Wellington, Port Elizabeth, Kagisanong, Hewatt, Umlazi, Venda, Windhoek, Pretoria, Moloto, Education Contact Network, Tlhabane, Esikhawini, Makopane, Setotolwane en Mgwenya.
- 11 technikons: Tygerberg, Edendale, Kaap, Sastri, Skiereiland, ML Sultan, RSA, Witwatersrand, Mango Suthu, Noord-Transvaal en SA.

Verder was die 79 dosente verspei oor 'n breë spektrum van 14 verskillende vakke of vakgroepe: Afrikaans, Afrikatale, Algemene Taalwetenskap, Didaktiek, Duits, Engels, Klassieke Tale, Metodiek, Moderne Grieks, Onderwys/Kultuur, Ortopedagogiek, Semitiese Tale, Spraakheelkunde/Oudiologie, asook Taal en Kommunikasie.

Stellenbosch se M.A.-kursus vir die taalprofessies het dus binne die kort bestek van vyf jaar 'n formidabele faktor geword in die voortgesette opleiding van taaldosente in Suidelike Afrika.

Maar die trefkrag en invloed van die kursus strek natuurlik veel verder. Talle senior taalonderwysers, vertalers, spraakterapeute, ens. wat die kursus gevolg het of nog volg, implementeer naamlik ook daagliks inhoude daaruit in die beoefening van hul professies. Kortom, die kursus is 'n treffer so reg in die kol.

Die betrokke kursus kan op 'n deeltydse, nie-residensiële basis in òf Afrikaans òf Engels gevolg word deur iemand wat 'n taal, Algemene Taalwetenskap of Spraakheelkunde/Oudiologie as hoofvak binne 'n B- of meer gevorderde graad bestudeer het.

Volledige besonderhede van dié tweejarige kursus kan verkry word van prof. R.P. Botha, dr. M. Sinclair, mnr. W.K. Winckler of mev. C. le Roux by Departement Algemene Taalwetenskap, Universiteit, Stellenbosch, 7600 (☎ 02231-2010) □

Students 'must make theatre of tomorrow'

by MALENE BREYTENBACH

"I am here to find out the needs of students. They have to make the theatre of tomorrow."

These words reveal the attitude, dedication and selfless devotion of time of a master in his field who is conveying precious knowledge acquired by long experience and study, to the younger generation of prospective performers. Prof. Wolfgang von Stass, former Head of the Drama Department, University of Saarbrücken, West Germany, actor and director, is currently lecturing at the Drama Department, University of Stellenbosch, at the invitation of Mr. Herman Pretorius, Head of this Department.

Prof. von Stass's first visit to South Africa was in 1970 when he directed Carmen in English. Since then he has returned to lecture at the universities of Natal (Durban), Witwatersrand, Cape Town, Bloemfontein, Pretoria and Stellenbosch.

Prof. von Stass commenced his studies in theatre science ("Zeitungswissenschaft") under very big names in German State Theatre. He wanted to become an actor and so attended an actors' school, receiving tuition by experts such as Max Reinhardt. His first contract as an actor was at the famous Schiller Theatre, but here the small parts frustrated him too much and he went to the provinces, joining the Bochoun Theatre which played all the classical plays from Shakespeare to Schiller.

"Competition was fierce," he says.

Then he decided to take the initiative and produce his own play with the co-operation of his younger colleagues. In the afternoons they played to old-age homes and hospitals, earning money for props and costumes. In the evenings, they were back for the theatre performance.



Professor Von Stass.

Soon he was moving into directing until, at the age of 23, he became the leading director for the first time. Afterwards he was to direct at the State Theatre and at big theatres in Salzburg and Wupperthal, which gave him less time for acting.

In Hamburg he taught at the Actors' School and started to study music so that he could read scores in order to direct opera. It was not long before he did classical operettas such as Der Fledermaus. In addition, he learned Italian to communicate with Italian singers.

Austria and Switzerland were the next places where he directed opera and drama. The more he achieved, the better known he became and the more offers followed. He has lectured and handled seminars in Canada, Australia, the USA and in fact all over Europe.

In 1972 Prof. von Stass became professor at the School of Performing Arts in Saarbrücken, building it up, as he says "from the stone age" to modernity and up-to-date methods.

The problem with being the director of such an institution was that he could not absent himself for long periods, with the result that he retired in 1989. He is now freelancing, which enables him to respond to the many invitations from abroad.

"I am very happy working in the well-organized Drama Department at Stellenbosch," he says, "I am trying to build a bridge between movement classes for the gymnastic side and creating a part. Improvisation must be learned, body techniques, functions, tensions, to stimulate imagination and fantasy. An actor must decide how he wants to appear on stage. You are fortunate to have the HB Thom Theatre with its rehearsal rooms and technical equipment. In South Africa theatre is very young. The black theatre that I have seen, can be exciting.

He is adamant that theatre is thought-provoking, that the escape from harsh reality gives human beings the strength to survive. □



Oudste Oud-Matie 100

Die langslewende Oud-Matie, prof. Calie van der Merwe van Stellenbosch, het vroeg in April sy honderdste verjaardag gevier. Hy was presies 80 jaar gelede, in 1910, 'n eerstejaarstudent op Stellenbosch.

Nadat hy aan die Victoria-kollege, voorloper van die US, afgestudeer het, studeer hy in Duitsland, maar moes vanweë die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog sy studies onderbreek.

Hy behaal daarna M.Sc. (1918) aan die Universiteit van Kaapstad en 'n doktorsgraad (1922) aan Göttingen, Duitsland, waarna hy vir 31 jaar in Amerika woon en hoof van die fisikadepartement by die Washington Square-kollege aan die Universiteit van New York word.

Ná sy aftrede in 1955 het prof. Van der Merwe en sy vrou, 'n gebore Stellenbosser, hulle in die Eikestad gevestig. Sy is in 1973 oorlede. Hy het tot onlangs redelik goeie gesondheid geniet.

Sover bekend is prof. Van der Merwe die eerste Oud-Matie wat 'n eeu oud geword het. □

Morris het dié ketting ook gedra

In 'n berig in die vorige uitgawe van Matieland (3:89) is daarna verwys dat mnr. Koos Roets verlede jaar, sover bekend, die tweede Oud-Matie was om burgemeester van Johannesburg te word, ná dr. J.S. Otto wat die amp in 1978 beklee het. Enkele Matieland-lesers van die ouer garde het egter laat weet van nog 'n Oud-Matie wat eerste burger van die Goudstad was. Hy is mnr. T. Glyn ("Mick") Morris wat die amp reeds in 1957-'58 beklee het.

Hoewel die 81-jarige mnr. Morris jonger as dr. Otto (88) is, het mnr. Morris dus die Johannesburgse burgemeesterketting twintig jaar voor dr. Otto gedra. Mnr. Morris is inderdaad nou dié stad se mees senior oud-burgemeester. Hy woon deesdae op Hermanus en dr. Otto op Stilbaai.

Mnr. Morris was 'n eerstejaarstudent op Stellenbosch in 1926. Nadat hy B.Sc. Agric. behaal het, het hy met sy M-studies in entomologie voortgegaan en later teruggekeer om ook SOD (1935) te behaal. Hy was o.m. drie keer die Maties se Intervarsity-dirigent (1928, 1929 en 1931).

As Engelssprekende, die seun van 'n Walliese immigrant, het hy op Stellenbosch Afrikaans geleer. Dit is ook daar waar hy sy vrou, Seugnet (Bruwer), 'n mede-Matie wat BA behaal het, ontmoet het.

Mnr. Morris.

Ook hul dogter, Elwen, is in 1958 - dieselfde jaar wat hy Johannesburg se burgemeester was - as eerstejaarstudent na haar ouers se alma mater waar sy BA behaal het. Nadat sy ook in Frankryk en Amerika gestudeer het, het sy by die SAUK naam gemaak, o.m. as die eerste vroue-radionuusleser in Suid-Afrika. Elwen Morris (mev. Van Schouwen) doen deesdae vryskutwerk vir radio en televisie.

Mev. Morris - bekend as die eerste Afrikaanssprekende burgemeestersvrou wat Johannesburg gehad het - het destyds baie lof ontvang vir die sjarme waarmee sy dié amp beklee het. Sy is die suster van Oud-Maties mnr. Luther Bruwer van die Strand, eertydse hoof van die Hoërskool Jan van Riebeeck in Kaapstad en oud-rektor van die Paarlse onderwyserskollege, asook wyle ds. Gerrit Bruwer. Mnr. Bruwer se dogter, prof. Suretha Bruwer, was hoof van die Departement Latyn op Stellenbosch toe sy in 1983 oorlede is. □

Herinneringe aan 1926 se Endler-uitvoering

Mnr. H.J. Basson, Renaissance 14, Piet Groblerlaan, Brummeria, Pretoria:

Met besondere belangstelling het ek die artikel van Fritz Stegmann oor "1989-Kuesta was onvergeetlik" *(Matieland* 3:89) gelees.

Daarin word 'n betekenisvolle opmerking van Pieter van der Westhuizen aangehaal oor die beslag wat studente-koorsang in Suid-Afrika op Stellenbosch gekry het, meer bepaald deur die baanbrekerswerk van die pioniers soos proff. F.W. Jannasch, Con de Villiers, Gawie Cillié, ens.

By die lees hiervan het my gedagtes onwillekeurig teruggegaan na 1926 (indien my ou geheue my nie parte speel nie) toe prof. Hans Endler 'n reuse-kooruitvoering (vir daardie jare) vir die Stadsaal in Kaapstad georganiseer het. Ons studente het vir nagenoeg ses maande vooraf saans in die saal van die Konservatorium geoefen om die vier stukke op die planke te bring.

Ofskoon my herinneringe deur die meer as ses dekades uiteraard vervaag het, onthou ek nog heel goed dat een van die stukke wat met groot welslae aangebied is, die baie bekende en immergroen Monastery Garden van Ketelby was.

Die koor van om en by 300 studente het op die koorverhoog skuins agter die orkesplatform plek ingeneem, terwyl die Kaapse Orkes (ek weet nie meer of dit die destydse naam was nie) die platform voor ingeneem het.

Prof. Endler het die orkes saam met sy koor vir die besondere geleentheid gedirigeer. 'n Sekere mnr. William Pickerill, wat latere jare tot die dirigent van die betrokke orkes bevorder is, was toentertyd die leiervioolspeler.

Die metodiek wat prof. Endler toepgepas het om die verskillende stemkaders te laat instudeer, was destyds myns insiens heel buitengewoon. Ek laat dit daar omdat dit te veel ruimte in beslag sal neem.

Ek is gevolglik van menings dat prof. Endler ook sy bydrae gelewer het om studente-koorsang enigsins te bevorder. Ek kan nie meer goed onthou of prof. Cillié in daardie stadium ook een van ons koorlede was nie. Miskien kan hy my reghelp indien ek die spoor byster is. □

Notule:

JAARVERGADERING van die KONVOKASIE

Gehou in die H.B. Thom-teater op 5 Desember 1989

Aanwesig: Proff G.G. Cillié (President en Voorsitter), B. Booyens (Vise-president), dr. C.F. Albertyn, prof. W.S. Barnard, mnre. W.J. Bekker, D. v.d. M. Benade, mev. A.M. Beyers, dr. B.G. Beyers, mnr. W.J.C. Boonzaier, mev. J.S. Booyens, proff. A.G. Botha, A.J. Brink, mev. H.C. Cillié, proff. P.J. Cillié, S.P. Cilliers, mev. D. Conradie, ds. F.J. Conradie, mnr. P.J. Conradie, prof. J.J. Cruywagen, mev. H.M. Davis, prof. J.A. de Bruyn, mev. M.J. de Bruyn, mnr. J.H. de Jongh, mev. J.S. de lat Bat, mnr. R.S. de la Bat, drr. D.P. de Villiers, D.S. de Villiers, mnr. I.S. de Villiers, dr. J.H. de Villiers, prof. J.L. de Villiers, mev. M. de Villiers, proff. P.J.G. de Vos, M.J. de Vries, mevv. R. de Vries, C.H. de Waal, mnre. P.A. de Witt, A. Draaijer, H.S. Dreyer, F.L. du Toit, mev. H. du Toit, proff. J.B. du Toit, D.L. Ehlers, W.J. Engelbrecht, mnre. A.J. Esterhuyse, J.L. Fechter, mev. H.E. Ferreira, mnr. I.F. Ferreira, dr. P. du T. Fourie, mnre. N. Galloway, J.A. Gerber, D.P. Goldie, D.C Hauptfleisch, mev. M. Hauptfleisch, dr. J.B.B. Heyns, mnr. J.H. Hofmeyr, dr. H.F. Jordaan, mev. H.M. Jordaan, mnr. A.D. Kruger, mev. M.A. Lange, proff. B.C. Lategan, E.W. Laubscher, mevv. B. le Roux, E.M. le Roux, mnr. M.S. le Roux, dr. P.J. le Roux, mnre. M. Liebenberg, G.P. Lochner, mev. M.J. Lochner, mnr. P.J. Lombard, mev. I.E. Loots, mnr. A.D. Lückhoff, mej. L.M. Malan, dr. D.F. Marais, mev. D.S. Marais, ds. F.N. Marais, mnre. I.F. Mocke, P.K. Morkel, mev. L. Müller, mnr. N.C. Müller, dr. L.M. Muntingh, mev. M.E. Murray, prof. J.A.J. Nel, mnr. J.G. Nieuwoudt, mevv. L. Nieuwoudt, B.E. Olivier, proff. C. Olivier, J.P.J. Olivier, mnre. J.R. Olivier (Sekretaris), D.J. Oosthuizen, mev. B. Pauw, prof. T. Pauw, mnr. G.M. Pellissier, drr. D.G. Poggenpoel, L. Pretorius. mev. L.M. Pretorius, prof. F.X. Prins, mev. L. Rabie, mnr. J.F. Rauch, proff. P.J. Robinson, H.W. Rossouw, J.L. Sadie, mnr. M.J. Schoonwinkel, prof. G.M.K. Schüler, mev. R. Schüler, prof. D.E.W. Schumann, mev. K. Smuts, mnre. P.G. Steyn, J.H. Strauss, dr. O.D.J. Stuart, mnre. B.L.G. Swart, H.J. Terreblanche, mev. R. Terreblanche, prof. B.F. Thiart, mnre. L.M. Toerien, H.J. Truter, H. Turkstra, D.S. Uys, prof. I.J. van Biljon, mev. G.C. van der Horst, dr. J.G. van der Horst, proff. F.S. van der Merwe, J.J.A. van der Walt, mnr. H.P. van der Westhuizen, prof. W.M. van der Westhuizen, mnr. H.T. van Huyssteen, prof. H.G. van Niekerk, dr. F.A. van Rensburg, mnr. H.W. van Riel, mev. B.A. van Rooyen, mnre. J.J. van Rooyen, F.A. van Schalkwyk, A.J. van Tonder, mev. D.M.J. van Vuuren, dr. J.C.J. van Vuuren, proff. A.H. van Wyk, C.J. van Wyk, mev. M. van Wyk, mnre. H.B. van Zyl, H.S. Visser, I.P. Wait, mev. G.Y. Walters, mnr. M.C. Walters, ds. H. Winterbach, mev. V.E. Winterbach, mev. S. Yeats, mnr. H.J. Zietsman.
(Ses-en-twintig besoekers het ook die presensielys ingevul.)

Opening:
Op versoek van die Voorsitter open ds. F.J. Conradie die vergadering met 'n gebed. Die Voorsitter heet almal welkom en rig 'n spesiale welkomswoord tot die Kanselier, dr. J.G. van der Horst en mev. Van der Horst, en die Rektor en Vise-kanselier, prof. M.J. de Vries en mev. De Vries.

Op verdere versoek van die Voorsitter staan al die aanwesiges enkele oomblikke op ter nagedagtenis aan lede van die Konvokasie wat sedert die vorige vergadering te sterwe gekom het.

Konstituering: Die Voorsitter verklaar dat die vergadering gekonstitueer is ooreenkomstig 'n kennisgewing wat in die Staatskoerant gepubliseer is.

Notule: Die notule van die vergadering van 10 November 1988, wat in *Matieland* gepubliseer is, word as gelees beskou, in orde bevind en deur die Voorsitter onderteken.

Geleentheidsprekers:
Prof. J.L. Sadie, Voorsitter van die Beheerkomitee van die Buro vir Ekonomiese Ondersoek en dr. O.D.J. Stuart, Direkteur van die Buro, behandel agtereenvolgens elkeen sekere aspekte van die onderwerp van die aand: "Vooruitsigte vir die Suid-Afrikaanse ekonomie en die belangrikheid daarvan vir die universiteitswese".

Verkiesing van President en Vise-President:
Die President van die Konvokasie, prof. G.G. Cillié deel die vergadering mee dat hy na rype beraad besluit het om hom nir vir 'n verdere termyn herkiesbaar te stel nie.

Vervolgens word die volgende persone eenparig tot die onderskeie ampte verkies, vir die termyn 1 Januarie 1990 tot 31 Desember 1991: President: Prof. B. Booyens. Vise-president: Prof. T. Pauw.

Bedankings:
Die Voorsitter van die Raad, dr. D.P. de Villiers, spreek namens die vergadering 'n woord van hartlike dank uit teenoor die sprekers van die aand en teenoor die uittredende President van die Konvokasie.

Onbestrede voorstelle:
Die volgende onbestrede voorstelle word deur die vergadering aanvaar:

Mosie van prof. B. Booyens:
"By die afsluiting van die akademiese jaar van die Universiteit van Stellenbosch wens hierdie vergadering van die Konvokasie sy opregte dank en hoë waardering teenoor die Universiteit te boekstaaf vir die suksesvolle voltooiing van sy werksaamhede van nog 'n jaar.

Die jaar 1989 was op die breë Suid-Afrikaanse gemeenskapsvlak in verskillende opsigte 'n betekenisvolle en veeleisende. Vir die Universiteit was dit eweneens 'n jaar van besinning, aanpassing en gewigtige beluitneming waarvoor die Konvokasie vanaf die kantlyn begrip betuig.

Opregte waardering word oorgedra aan ons Kanselier vir sy waardige ampsbekleding, aan die Voorsitter van die Raad vir sy voorbeeld van lojaliteit aan ons alma mater en aan die Rektor vir meelewende en simpatieke leiding wat van hom uitgegaan het.

Aan die Raad en die Senaat gaan die dank van die Konvokasie vir die wyse waarop hulle die belange van die Universiteit nagestreef en behartig en die lewenstoerusting van ons studente op die hart gedra het.

Voorts word dank oorgedra aan die Vise-rektore, dekane, dosente, navorsers, die administratiewe personeel en alle vertakkinge van dienslewering.

Dat dit met ons Universiteit goed gaan, en dat hy ook vanjaar in sy 70ste bestaansjaar as volwaardige Universiteit weer sy taak volvoer het, is, onder die seënende hand van Bo, ook die vrug van die bydrae van die talle Aärons en Hurs in hul menigvuldige gestaltes.

Vir die Konvokasie is dit rede tot dankbare trots." →

→

Voorstelle van gelukwense aan 'n aantal persone met onderskeidings wat hulle te beurt geval het (as verteenwoordigend van die groot getal onderskeidings wat daar was):

Prof. Elize Botha: Verkies voorsitter, S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns; Prof. N.J. Botha: Aangewys deur Kaapstad-tak van die Vroueburo as Vrouepresteerder vir 1989; Prof. D.W. Butler: Bevorder tot professor in Handelsreg; Prof. A.J. Brink: Ontvang eredoktorsgraad van die Universiteit; Prof. B.V. Burger: Toekenning van Havengaprys van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns; Mnr. Con Botha: Aangewys as Administrateur van Natal; Mnr. Salie de Swardt: Aangestel as Hoofredakteur van Beeld; Mnr. I.L. de Villiers: Aangestel in direksie van Nasionale Media; Prof. M.A. du Toit: Bevorder tot professor in Bedryfsekonomie; Mnr. Ebbe Dommisse: Aangestel as Redakteur van Die Burger; Mnr. M.T. de Waal: Aanstelling voorsitter van Siemens Bpk., Toekenning van Orde vir Voortreflike Diens, en aangewys as voorsitter van die gekommersialiseerde Suid-Afrikaanse Vervoerwese vanaf 1 April 1990. Prof. J.M. de Villiers: Aangestel as professor in Wiskunde; Prof. M.J. de Vries, Rektor en Vise-Kanselier: Ontvang die Orde vir Voortreflike Diens en word op 1 Julie vanjaar vir 'n verdere termyn as Rektor en Vise-Kanselier aangewys; Mnr Hubert du Plessis: Ontvang eredoktorsgraad van die Universiteit; Prof. C.J. du Toit: Toekenning: Pro Meritis vir buitengewone bydrae tot die mediese wetenskap; Mnr. J.L. Fechter: Bevorder tot Direkteur van Openbare Betrekkinge; Dr. H.B. Geyer: Aangestel as professor in Teoretiese Fisika; Dr. C.F. Garbers: Toekenning: Orde vir Voortreflike Diens; Prof. C.J. Groenewald: Bevorder tot professor in Sosiologie; Dr. Allan Heydorn: Aangestel as Direkteur van die S.A. Natuurstigting; Prof. D.J. Kotzé: F.A.K.-toekenning vir besondere kultuurbydraes oor die jare; Mnr. H.J. Kriel: Minister van Beplanning en Provinsiale Aangeleenthede; Lt.-Genl. Kat Liebenberg: Bevorder tot Hoof van Weermagstaf; Mnr. E. Louw, LP: Minister van Binnelandse Sake; Prof. P.C.J. Maree: Bevorder tot professor in Akkerbou en Weiding; genl.-maj. G. Meiring: Bevordering tot hoof van die Leër; Mnr. P.G. Marais, LP: Adjunk-minister van Onderwys en van Ontwikkelingshulp; Dr. J.B. Maree: Toekenning: Orde vir Voortreflike Diens; Prof. J.G. Meiring: Verkry Erelidmaatskap van die S.A.O.U.; Mnr. J.W.H. Meiring: Aangestel as Administrateur van Kaapland; Mnr. I.J. Moolman: Aanstelling adjunk-voorsitter en hoofuitvoerende amptenaar, Federale Volksbeleggings; Prof. J.H. Moolman: Bevorder tot Professor in Grond- en Landbouwaterkunde; Mnr. G.D. Roos: Ontvang eredoktorsgraad van Unisa; Prof. H.W. Rossouw: Vise-rektor (Akademies) is vir nog vyf jaar heraangestel; Mnr. P.J. Retief: Aangestel as Hoofbestuurder van die S.A. Rugbyraad; Mnr. D.P.A. Schutte, LP.: As Adjunk-minister van Justisie aangestel; Mnr. Naas Steenkamp: Verkies tot President van die Natuurlewe-vereniging van Suider-Afrika; Mnr. J.D. Slabbert: Rektor Onderwyskollege Boland op Wellington; Dr. J.H. Steyn: Voorsitter, Suid-Afrikaanse Mediaraad; Mnr. Sunley Uys: Bevorder tot Direkteur van die U.S.-stigting; Dr. A.J. van den Berg: Aangestel as Voorsitter van Sanlam; Prof. S.E. van der Merwe: Bevorder tot Professor in Publiekreg; Prof. A.A. van Niekerk: Bevorder tot Professor in Filosofie; Dr. A.I. van Niekerk, LP.: Minister van Landbou en Watervoorsiening in die Ministersraad van die Volksraad; Dr. Schalk Walters: Aangestel as ere-professor in die Dept. Onderwysadmin. en Vergelykende Opvoedkunde; Prof. C.. Nortjé, Fakulteit Tandheelkunde: Ontvang die Maurice Weinbren-medalje van Fakulteit van Radiologie van die Kollege van Geneeskunde vir beste publikasie in Radiologie vir 1988; Prof. J.H. Viljoen van die Departement Chemiese Ingenieurswese: Ontvang Presidentstoekenning van WNNR; Dr. Chris van Wyk: Aanstelling as Hoof-uitvoerende Beampte van Bankorp en as Voorsitter van Trust Bank, Santambank, Senbank, Bankfin en Bankbes; Mnr. Albert van Niekerk: Aangestel as buitengewone en gevolmagtigde ambassadeur van S.A. in Wes-Duitsland; Mnr. W. Wepener: Toekenning: Phil Weber-medalje van die Nasionale Pers; Prof. H.P. Wassermann: Ontvang Mediese Vereniging van Suid-Afrika se medalje vir jarelange lojaliteit, onbaatsugtige diens en bydrae tot geneeskundige onderrig in S.A.; Dr. P.J. Welgemoed: Adjunk-minister van Mineraal-en Energiesake en van Openbare Ondernemings.

Verskeie oudstudente vanjaar tot lede van die Parlement en Presidentsraad verkies of benoem.

Afsluiting:

Nadat die President die aanwesiges bedank het vir hulle teenwoordigheid en die Voorsitter van die Raad vir sy vriendelike woorde, verdaag die vergadering om 21:25. □

DIE U.S.-KONVOKASIE: Wie is lede? Watter magte, voorregte het 'n mens?

Die Wet op die Universiteit van Stellenbosch (no. 37 van 1959) bepaal dat *alle gegradueerdes* van die Victoria-Kollege en die Universiteit, lede van die Konvokasie is. *Die Rektor, Vise-rektore, professore en ander dosente* is vanselfsprekend lede.

Dit is 'n lid se plig om die Registrateur — wat as Konvokasie-sekretaris optree — van sy/haar naam en adres te voorsien en ook te laat weet as daar van adres verander word.

Die president en vise-president van die Konvokasie is deel van die kieskollege wat die Kanselier van die Universiteit aanwys. Hulle beklee hulle amp vir twee jaar.

Lede van die Konvokasie mag stem vir ses lede van die Universiteitsraad. As 'n verkiesing gehou word, word die Konvokasielede skriftelik hieroor in kennis gestel — mits hulle adresse by die Registrateur bekend is — en ontvang saam met die kennisgewing 'n gedrukte stembriefie wat die kandidate se name bevat.

'n Vergadering van die Konvokasie word in die reël elke jaar in November op die kampus gehou. Op dié vergadering is daar gewoonlik een of meer geleentheidsprekers wat onderwerpe rakende die US of die universiteitswese in die algemeen toelig.

Soms word ook van die geleentheid gebruik gemaak om besigtigingstoere aan te bied sodat oud-studente deeglik op die hoogte kan bly van wat op die kampus aan die gebeur is. Die Konvokasievergadering word altyd met 'n geselligheid afgesluit. □

Ou publikasie

TOE 'n kelder van een van die Universiteit se ouer geboue onlangs opgeruim is, is 'n aantal eksemplare van 'n interessante ou publikasie, *Gedenkboek van het Victoria-kollege*, wat in 1918 uitgegee is, daar ontdek. Die boeke word nou te koop aangebied aan Oud-Matie- en ander boekliefhebbers wat in die vroeë geskiedenis van hoër onderwys op Stellenbosch belangstel.

Dit is destyds in opdrag van "Die Unie van Oudstudenten" deur die Nasionale Pers in Kaapstad gepubliseer. 'n Redaksiekommissie onder leiding van drie kollegeprofessore was vir die opstel van die boek verantwoordelik. Dit is uitgegee in die jaar wat die kollege deur die huidige Universiteit vervang is.

Die boek het 'n outydse linne-hardebladomslag in maroen met die kollegewapen in goud voor op. Dit bevat sowat 200 bladsye en talle interessante foto's. Hoewel die papier effens vergeel het, het die boeke baie goed bewaar gebly.

Beskikbaar by: Afdeling Openbare Betrekkinge, Hoof-Administrasiegebou, Universiteit, Stellenbosch, 7600. Slegs R5 elk (geen AVB nie). □

• USKOR

'n Spesiale beroep op Oud-Maties

DIE ONTBERING van minderbevoorregte mense en gemeenskappe, tesame met die vervreemding, vooroordeel en gespanne verhoudinge, is stellig van die grootste probleme van ons land. Ons by Uskor glo dat universiteite met hul groot menslike en intellektuele hulpbronne 'n bydrae tot die verligting van hierdie probleme kan lewer.

Dienslewering aan minderbevoorregte medemense is een van die praktiese maniere waarop die probleme aangespreek kan word, terwyl dit ook bydra tot die vorming van studente met die oog op die toekoms in 'n snel veranderende samelewing.

Uskor, die welsynsorganisasie van die Universiteit van Stellenbosch, word beheer deur 'n direksie waarop die Universiteit asook die studentegemeenskap se belange verteenwoordig is.

Uskor se **baanrekord oor 25 jaar** sluit in: sy stigting as 'n kliniekdiens vir minderbevoorregte mense in 1964; sy registrasie as welsynsorganisasie in 1974; en ontvangs van die Salus-toekenning in 1986.

Op die **Tygerberg-kampus** (sedert 1964) bied Uskor: na-uurse mediese en tandheelkundeklinieke; diens in Transkeise hospitale gedurende die twee lang vakansies; en 'n mobiele tandheelkundekliniek.

Op die **Stellenbosch-kampus** (sedert 1974) bied Uskor: gemeenskapswerk op plase in die Stellenbosch-distrik; gemeenskapswerk op Stellenbosch en in die omliggende dorpsgebiede; asook 'n vrywillige gemeenskapsdiens.

Die **benadering** wat Uskor volg, sluit in: hulpverlening in toestande van fisiese, geestelike en maatskaplike nood; die beginsel van self-help en daarom die ontwikkeling van die nodige lewensvaardighede van kliënte en gemeenskappe; en om by mense se werklike behoeftes aansluiting te vind.

Uskor se professionele welsynsdienste word - soos wat dit by die meeste ander welsynsdienste die geval is - deur die staat gesubsidieer. Die grootste deel van ons inkomste is egter uit die Maties se jaarlikse Karnavalprojek afkomstig.

Omdat die gemeenskappe waar ons werk 'n behoefte aan gemeenskapsentra het, omdat ons 'n mobiele mediese kliniek benodig, omdat ons geboue vir ons kleuterskole benodig, omdat daar 'n groot nood in die gemeenskappe in ons deel van die wêreld is wat nog onbeantwoord bly, omdat inflasie ook vir ons 'n probleem is en omdat die mense vir wie ons werk en studente self grootliks opoffer om Uskor se werksaamhede moontlik te maak, neem ons die vrymoedigheid **om 'n beroep op u te doen om ons werksaamhede te ondersteun.**

U belangstelling en bydrae sal 'n verskil maak! Gee asseblief u ondersteuning, en belê so in die toekoms.

Pieter Cloete: Direkteur: Universiteit van Stellenbosch Klinieke Organisasie **(Uskor):** W O 41. F.I. 08 800293 000 4

Stuur **BYDRAES** of skryf om meer **INLIGTING** aan: Uskor, Victoriastraat 39, Stellenbosch, 7600; ☎ 02231-773638.

BEMAKINGS: Het u Uskor in u testament onthou? □

KARNAVAL 1990

Beantwoord asb. die volgende vrae:

1. Die kanselier van die US is:
   (a) Mnr. P.W. Botha
   (b) Dr. J.G. van der Horst
   (c) Prof. M.J. de Vries
2. Wie is u Volkswagen Handelaar in Stellenbosch?

   .....
3. Wie is die US se huidige S.R.-voorsitter?
   (a) Pierre van der Spuy
   (b) Mark Behr
   (c) Tjaart van der Walt

Naam: .....

Adres .....

.....

.....

Tel: .....

REËLS:

1. Die sluitingsdatum van die kompetisie is op 8 Mei 1990.
2. Die wenners van die kompetisie sal bepaal word deur die eerste 25 korrekte inskrywings wat op 14 Mei 1990 getrek en oopgemaak word.
3. Die wenners sal persoonlik in kennis gestel word en hulle name sal ook in die pers verskyn.
4. Daar is geen beperking op die aantal inskrywings per persoon nie.
5. Inskrywings moet gepos word na Posbus 3118, Coetzenburg, 7602.
6. 'n Inskrywingsfooi van R5,00 moet elke inskrywing vergesel.
7. Posorders en tjeks moet uitgemaak word aan US-Karnavalkomitee.
8. Alle pryse moet binne een (1) maand ná kennisgewing afgehaal word by die US-Karnavalkantoor, Kamer 3015, Langehoven-Studentesentrum, Stellenbosch.

Pectora roborant cultus recti

1990 KARNAVALKOMPETISIE

DONASIE R5,00

1ste Prys:

In samewerking met
STELLENBOSCH MOTORS
Birdstraat 116
Stellenbosch

CITI GOLF

2de Prys:	R1 000 Kontant van **Santambank**
3de Prys:	Baanbreker Naaimasjien wat die modernste steke maak, geskenk deur **Frick Naaimasjiene**
4de Prys:	Naweek vir 2 in 'n Protea Hotel van u keuse, geskenk deur **Protea Inns** plus R100 Kontant
5de Prys:	Radio geskenk deur **Stellenbosch Meubileerders**
6de Prys:	Geskenkbewys, geskenk deur **UUB**
7de Prys:	Koffiemaker van **Pick 'n Pay Hipermark,** Brackenfell
8ste Prys:	Luukse skêr geskenk deur **Frick Naaimasjiene**
9de Prys:	Geskenkbewys van **Totalsports**
10-14de Prys:	Kis Wyn van **Uniewyn**
15-19de Prys:	Kis **Ohlsson's** bier
20ste Prys:	1 Standaardskêr geskenk deur **Frick Naaimasjiene**

DANKIE VIR U ONDERSTEUNING

DIE AANKONDIGING VAN DIE WENNERS EN OORHANDIGING VAN DIE MOTOR SAL PLAASVIND OP 14 MEI 1990

STELLENBOSCH MOTORS

P.P.S. se Oorlewings-plan vir Professionele Praktyke.

Jy't dit nodig!

Jy kan nooit voorspel watter onvoorsienbare ramp jou praktyk in 'n oogwink kan uitwis nie. Maar jy kan jouself beskerm teen die finansiële gevolge van skielike ongeskiktheid met PPS se oorlewingsplan vir professionele praktyke.
PPS is uniek. Dis die enigste Vereniging wat deur professionele mense eksklusief vir Gegradueerde Professionele lui geskep is — met 'n verskeidenheid voortreflike voordele. Siekte- en permanente ongeskiktheidsvoordele, dekking vir jou praktykbokoste en 'n belastingvry enkelbedrag wanneer jy aftree.

PPS bied ook Groeptermynlewensdekking, 'n Uittree-annuiteïtskema met 'n spesiale dividend vir PPS lede en Profmed, PPS se unieke mediese skema.
Hierdie voordele vorm saam die allerbeste oorlewingsplan vir Gegradueerde Professionele lui. Vergelyk gerus die tariewe — hulle bly onoortreflik. En onthou, PPS se siektevoordele word vanaf die eerste dag van siekte of ongeskiktheid betaal — mits die siekte sewe dae duur. Dit maak dit die doeltreffendste dekking wat daar is.

Dis jou vereniging

PROTECTION · PROVIDENCE · BESKERMING · VOORSORG

PPS

THE IDEAL PLAN

Aan: Die Professionele Voorsieningsvereniging van Suid-Afrika, Posbus 6268, Johannesburg 2000.
Voorsien my asseblief van julle brosjure "Die Ideale Plan" vir meer inligting oor PPS-voordele.

Naam _____ Geboortedatum _____

Adres _____

Telefoon (w) _____ (h) _____ Graad en professionele kwalifikasies _____

Unieke Beskerming vir Gegradueerde Beroepslui

COOLE O'HAGAN & RIMINGTON 677/A

NOW...

Designed in consultation with you –
unique engagement and wedding rings to suit your individuality

...AND FOREVER

The romance continues in the years ahead
with gifts of originally designed, handcrafted jewellery

EXCLUSIVELY AT

UWE KOETTER

DESIGNER GOLDSMITHS · DIAMOND DEALERS · WHOLESALE PRICES DIRECT TO THE PUBLIC

Winners of – Goldsmith Chamber Prize (Hamburg) – 1st Prize · 1982 Intergold – 2nd Prize
1985 Diamonds Today (De Beers) – 2nd Prize · 1988 Jewellery Council of SA – 1st and 2nd Prize

12TH FLOOR · MASTERBOND TRUST CENTRE · 101 ST GEORGE'S STREET · CAPE TOWN · PHONE 24-5335/6